

SA 28  
2100 117

DIE BETEKENIS VAN DIE HUISGENOOT AS

MAANDBLAD, 1916 - 1923,

IN DIE TWEEDE AFRIKAANSE TAALBEWEGING

G. J. MEYER

The University of Cape Town

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die  
vereistes vir die graad M.A. in Nederlands en Afrikaans  
aan die UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

1953

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

## I N H O U D S O P G A W E

<u>Hoofstuk</u>	<u>Bls.</u>
1. Inleiding	1
2. Die Huisgenoot en die Taalstryd in die Tweede Afrikaanse Beweging.	15
(a) Afrikaans in die Kerk.	15
(b) Afrikaans in die Onderwys.	26
(c) Afrikaans in Regerende Liggame.	39
(i) Regering en Staatsdiens.	40
(ii) Plaaslike Besture.	44
3. Taalkwessies in Die Huisgenoot.	47
(a) Taalvrae, spel- en taalreëls	47
(b) Afrikaanse Terminologie.	61
(c) Afrikaanse Spreekwoorde.	63
4. Die Huisgenoot oor die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging.	65
5. Slotbeskouing.	71
Bronnelys.	76
Lys van Afkortings	77

# H O O F S T U K I

## INLEIDING

Op 20 Mei 1916 verskyn vir die eerste maal 'n maandblad onder die naam De Huisgenoot by „De Nationale Pers, Beperkt,” Kaapstad. Reeds op 25 Januarie 1915 is „De Nationale Pers, Beperkt” opgerig op aandrang van sekere vooraanstaande Afrikaners wat van mening was dat daar 'n eie Afrikaanse koerant moes wees waarin die ontwakende Afrikaner-nasionalisme tot uiting kon kom. 'n Eie koerant wat die gevoelens van die volk vertolk, sou 'n magtige wapen teen die vyand wees. Daarby sou dit 'n gevoel van samehorigheid onder die Afrikaners bevorder. Op 26 Julie 1915 verskyn dan die eerste uitgawe van die nuwe koerant, De Burger, onder redaksie van dr. D.F. Malan.

Teen die einde van 1915 ontstaan die gedagte om ook 'n tydskrif uit te gee, wat sou voorsien in die behoeftes van die Afrikaanse volk by wie daar reeds 'n toenemende leeslus en 'n groeiende belangstelling in kultuursake merkbaar was. So kom De Huisgenoot tot stand.

Die opskrif op die buiteblad van De Huisgenoot lui verder : „Verenigd met Ons Moedertaal”. Op die titelblad, bokant die redaksionele kolom, staan : „Een Tijdschrift voor Afrikaners. Officieel Orgaan van die A.T.V. Verschijnt Maandeliks onder redaktie van Prof. J.J. Smith”.

Die leser merk met die eerste oogopslag dat die naam „De Huisgenoot” en die opskrif in Nederlands is, nie in Afrikaans nie. Eers vanaf Desember 1917 verskyn die tydskrif onder 'n Afrikaanse titel, nl. Die Huisgenoot, met die nodige veranderinge ook in die ander opskrifte. Die redaksie-artikels van Mei, Junie en Julie 1916 word in Nederlands geskryf. In Augustus en September word daar skielik na Afrikaans oorgeslaan, maar in Oktober en November is dit weer Nederlands.

Vanaf Januarie tot Oktober 1917 word Afrikaans in die redaksiekolomme reëlmatig afgewissel met Nederlands. Daarna word alleen Afrikaans gebruik. As ons 'n verklaring vir hierdie toestand van sake wil hê, vind ons dit in die sogenaamde „Opmerkingen van de Redaktie” van die eerste nommer van De Huisgenoot, Mei 1916, waarin die doel van die tydskrif uiteengesit word. Dit is 'n tydskrif „dat tot doel heeft de rechten van de hollandse taal te handhaven en de ontwikkeling van het afrikaans te bevorderen”. Die blad word vir beide Hollands en Afrikaans oopgestel. 'n Verdere, meer insiggewende uitleg van D.H. (De Huisgenoot) se houding teenoor Nederlands vind ons ook in hierdie eerste nommer in die rubriek „Taalnuws en Opmerkings” waarin die redakteur, onder andere, die volgende skryf : „Al is ons ook oortuig dat die Afrikaanse vorm in Suid-Afrika die enige erkende vorm hoort te wees, tog mag ons nie ongeduldig of vyandig optree teenoor mense, wat nog aan die ouer en totnogtoe heersende vorm vasklem”. Ons moet onthou dat Afrikaans toe nog nie as amptelike taal erken is nie, en dat daar onder die Afrikaners self nog baie teenstanders was wat Afrikaans as skryftaal nie wou erken nie. In die Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners verklaar dr. E.C.Pienaar dat die gebruik van Nederlands in die nuwe maandblad „ongetwyfeld veel daartoe bygedra (het) om teenstanders te wen vir Afrikaans.” 1)

In die redaksionele kolom van D.H., Junie 1916, lees ons dat daar kritiek op die tydskrif uitgeoefen is vanweë die plasing van artikels in „Hoog-Hollands”. Na aanleiding hiervan skryf D.H. die volgende : 2) „We willen maar terstond ronduit verklaren, dat wij op dit punt geen beterschap beloven. Het is onze vaste overtuiging, dat we de belangen van 't Afrikaans niet beter kunnen dienen, dan door het hand aan hand met 't Hollands te laten gaan”. Om sy houding te staaf, haal die redakteur van D.H. woorde aan uit die redaksionele kolom van Die Brandwag van Junie 1916 : „Ik het altijd in Hollands gesien die magtigste bondgenoot

1) Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners : bl.224.

2) Ook verder aanhalings in die paragraaf : D.H. : Junie 1916.

wat Afrikaans besit in sy stryd teën die oormag van die engelse taal en beskawing". „Dezen opmerkingen zetten volkomen ons standpunt uiteen. Het Hollands is de machtigste bondgenoot van 't Afrikaans en wij zijn niet van plan hem de deur te wijzen", skryf die redakteur van D.H. na aanleiding van die woorde van Die Brandwag. Laasgenoemde tydskrif verklaar hier verder : „Ons het hulle altwee nodig, die moeder sowel als die dogter, en dit sal nog baie lang duur vóórdat dit anders word", en „ons stryd en strewe lê in die teënwoordige, en soals dit is, kos dit ons al werklik moeite genoeg om die kop bo water te hou". D.H. onderskryf hierdie gedagtes heelhartig, en brei hulle verder uit as volg : „Zij, die vijandschap willen brengen tussen moeder en dochter, spelen in de hand van de tegenpartij". Daar mag nie „klein gefit en stekelige opmerkingen" wees nie. Die toekomst sal leer dat Hollands sterker sal word as Afrikaans groei, en dat Afrikaans in krag sal toeneem namate Hollands uitbrei. „Men moet niet scheiden wat bijeen behoort", eindig D.H.

Hierdie houding van die tydskrifte t.o.v. die gebruik van Nederlands is kenmerkend van die beginjare van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. Daar moet, in die eerste plek, vir Hollands gestry word. Reeds voor die Tweede Vryheidsoorlog het die Eerste Beweging doodgeloop. Na die verpletterende nederlaag was daar moedeloosheid, doodsheid en geestelike insinking by die Boerevolk. Die verengelsingsbeleid van die regering word veral in die onderwys en die staatsdiens toegepas. Selfs in private korrespondensie en in gesprekke gebruik Afrikaners Engels. Hollands word, inderdaad, met uitwissing bedreig.

Maar langamerhand kom daar ontwaking, veral as die Afrikaners van die Noorde tot in die Suide bewus word dat hulle saam 'n gemeenskaplike lot deel. Hulle hoort bymekaar ! Saam is hulle een volk, 'n Afrikaner-volk, met taal en tradisies wat van ondergang gered moet word. Hulle mag nie deur die oormag van Engelse taal en kultuur oorrompel word nie. So erg was die toestand reeds dat selfs die voorstanders van die

moedertaal, Afrikaans, die stryd moes aanknoop deur vir Nederlands in die bres te tree. Kerk- en onderwysmanne kom in verzet teen verengelsing, en stig die „Christelik Nasionaal Onderwys”-skole met Hollands as voertaal. In 1904 word die sg. „Vereenwoudigde Nederlandse Spelling” deur die S.A. Taalbond ingestel. Dit was eintlik weer 'n poging „om Nederlands vir die Afrikaner aanneemlik te maak”<sup>3)</sup> deur lede van die „Hoog-Hollandse party”, soos prof. W.J. Viljoen, prof. de Vos, dr. Brill, Nico Hofmeyr, proff. Moorrees en Marais. Gevolglik word die V.N.S. op skool en universiteit, in koerante en in staatskantore gebruik. Intussen gaan die S.A. Taalbond voort met eksamens uitskryf. Dit sorg ook vir die publikasie van boeke in die V.N.S. Maar die V.N.S. vind nooit werklik byval nie. Omdat hulle nie hul eie moedertaal as skryftaal kon gebruik nie, skryf baie Afrikaners Engels liever as Nederlands waarmee hulle nie meer so goed vertrouwd was nie. Die V.N.S. word ook vermy, want dit was kunsmatig, en nie ná genoeg aan die werklike spreektaal nie. 'n Volk behou sy identiteit deur middel van sy eie taal. 'n Eie taal is die belangrikste fondament waarop die bestaan van 'n volk rus. As die Afrikanervolk van ondergang gered moet word, is dit 'n vereiste dat die gewone spreektaal, Afrikaans, ook tot amptelike skryftaal verhef en erken moet word. In die Kaap was daar 'n bykomende faktor wat moeilikheid gelewer het. Baie vaderlandsliewende Afrikaners het teenoor Afrikaans onsimpatiek gestaan, want dit was die „Patterjots” van ds. S.J. du Toit, leier van die Eerste Taalbeweging, wat gedurende die Vryheidsoorlog van politieke sienswyse verander het. Kampvegters vir Afrikaans was hiervan bewus. In 1903 word 'n <sup>tydskrif</sup> ~~koerant~~ De Goede Hoop in die Kaap opgerig met die medewerking van pleitbesorgers van Nederlands, soos „Onse Jan” (J.H. Hofmeyr). De Goede Hoop, onder die redaksie van die voorstander van Afrikaans, J.H.H. de Waal, tree dan eers op om Nederlands te bevorder. Die inleidingsartikels is ook in „Hoog-Hollands”. As Afrikaans geskryf word, moet daar gesorg word dat daar nie onnodig afgewyk word van die

3) dr. P.C. Schoonees : Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging : bl.12

Nederlandse spelreëls nie. De Waal is nie ten gunste van die V.N.S. nie, 'n sogenaamde „derde Hollandsche taal”.<sup>4)</sup>

In die Noorde is dit veral Gustav Preller wat as kampvegter vir Afrikaans optree in die koerant De Volkstem waarvan hy in 1903 sub-redakteur word. Die hoofredakteur, dr. Engelenburg, het die V.N.S. toegepas „lank voor die Taalbond offisiële sanksie daarvoor gekry het”,<sup>5)</sup> Maar net soos De Goede Hoop stry De Volkstem ook vir Afrikaans. Na aanleiding van die toespraak van J.H. Hofmeyr op Stellenbosch, 6 Maart 1906, waarin hy die vraag stel, „Is het ons ernst?”, ten opsigte van die gebruik van Nederlands, skryf dr. Preller 'n reeks artikels in De Volkstem onder die opskrif, „Laat 't ons toch ernst wezen”, waarby hy bedoel : erns met Afrikaans. Hierdie artikels wat later in pamfletvorm uitgegee word, noem dr. E.C. Pienaar die manifes van die nuwe beweging.<sup>6)</sup>

In die Noorde word daar op 13 Desember 1905 die Afrikaanse Taalgenootskap gestig met die doel om Afrikaners te oortuig dat Afrikaans hul taal is, dat dit ook as skryftaal gebruik moet word. Ook in die Suide is daar verhoogde aktiwiteit. Op die buiteblad van D.H. staan die opskrif: „Verenigd met Ons Moedertaal”. Ook word hierdie maandblad die „Officieel Orgaan van die A.T.V.” genoem. Die Afrikaanse Taalvereniging (A.T.V.) word op 3 November 1906 in Kaapstad gestig met, onder andere, die volgende bestuurslede : J.H.H. de Waal, D.F. Malherbe, D.F. Malan, D.F. du Toit Malherbe, en A.I. Perold. Die standpunt van die A.T.V. is dat Afrikaans die Spreek- en skryftaal van die Afrikaanse volk is. Nederlands as vak op skool moet nie verwaarloos word nie „daar Nederlands di hoofbron van Afrikaans is”.<sup>7)</sup> Verder beywer die A.T.V. hom om toe te sien dat Afrikaans

4) E.C. Pienaar : Die Triomf van Afrikaans : bl.241

5) Pienaar : t.a.p., bl.245

6) G.S.Nienaber : Die Afrikaanse Beweging : Deel I : bl.124

7) Pienaar : t.a.p., bl.285

as huistaal bestendig word, om Afrikaanse boeke, geskifte en liedere te versprei, en leesstof in Afrikaans aan koerante en tydskrifte te besorg. Ten spyte van teenstand deur die voorstanders van Nederlands, brei die A.T.V. snel uit, en binne één jaar word talle takke orals opgerig, o.a. ook op Stellenbosch.

Die jaar 1914 is 'n heuglike jaar in die Afrikaanse taalstryd. In April word Langenhoven se voorstel insake Afrikaans as voertaal tot by Standard 4 deur die Kaaplandse Provinsiale Raad <sup>aan-</sup>oorgeneem. Aan die begin van Julie lewer hierdie kampvegter sy pleidooi vir Afrikaans voor die „Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst” wat in 1909 opgerig is met die doel om die Hollandse taal te handhaaf. Onder „Hollands” word verstaan „de beide taalvormen gebruikelik in Zuid-Afrika”.<sup>8)</sup> Die voorbeeld van Langenhoven verwek groot gesdrif veral op Stellenbosch. Op 15 Julie 1914 verskyn die eerste nommer van die blad Ons Moedertaal as orgaan van die A.T.V. van Stellenbosch, onder redaksie van J.J. Smith, T.B. Muller en G.C. Tomlinson.

J.J. Smith, wat in 1916 die redakteur van De Huisgenoot word, is in die Boland gebore. As student verwerf hy die graad B.A. Hons. aan die Universiteit van Stellenbosch. Ook verower hy 'n beurs vir verdere oorsese studie wat hy aan die Universiteit van Londen voortsit waar hy weer 'n B.A. Hons. graad in tale verwerf. Terselfdertyd skryf hy in vir eksamens in die regte waarin hy, saam met 'n ander student, die hoogste punte behaal. In hierdie tyd begin hy ook belangstelling vir sy eie taal, Afrikaans, te toon. Hy doen navorsingswerk, en versamel ou Afrikaanse boeke wat seldsaam is.<sup>9)</sup> Smith verwerf bekendheid by die A.T.V. veral a.g.v. sy voorwoord tot Leipoldt se digbundel, Oom Gert Vertel, en ander gedigte, 1911, waarin hy 'n kragtige pleidooi vir Afrikaans lewer.<sup>10)</sup>

8) dr. G. Dekker : Afrikaanse Literatuurgeskiedenis : bl.49

9) D.H. : 21 Mei 1948 : Prof. J.J. Smith: bl.25

10) C.L. Leipoldt : Oom Gert Vertel, en ander Gedigte : Inleiding

„Die taal is die volk self”, verklaar hy in die voorwoord. Afrikaans is „ewe goed en ewe bruikbare Diets - as die hoogste Nederlands van Europa”. Afrikaans kan inderdaad 'n selfstandige skryftaal word : „Dat die skryftaal van die Afrikaanse volk vroeër of later Afrikaans sal wees, staan by my onteenseglik vas”. Hierdie voorwoord wat tydens Smith se verblyf in Londen geskryf is, het „'n geweldige stoot”<sup>11)</sup> aan die taalbeweging gegee.

Terwyl hy nog in Europa was, is lektorate en professorate aan Smith <sup>aan</sup>gebied deur die Universiteit van Stellenbosch en van Wallis (Brittanje).<sup>12)</sup> Smith bly tot 1913 in die buiteland en kon dus geen regstreekse aandeel in die Afrikaanse taalstryd hê nie. G.C. Tomlinson en T.B. Muller was op hoogste van sake, en „het byna gespanne op sy terugkoms na Suid-Afrika gewag”.<sup>13)</sup> „Wag net 'n bietjie tot Johannes Smith terugkom”, was die houding van Muller. In sy afwesigheid word Smith tot mede-redakteur van Ons Moedertaal benoem. By sy terugkoms na S.A. word hy verwelkom as „'n geesdriftige voorstander van onse beweging” en as „'n man wat meer dan iemand anders na 'n negejarige studie van filologie in die buiteland, op hoogte is van alles wat betrekking het op Afrikaans en dus in staat is om onskatbare dienste aan sy volk te bewys”, verklaar Tomlinson verder. Met geesdrif wy hy hom aan die werksaamhede i.v.m. die taalstryd, o.a. die opstel van die A.T.V.-kongresbesluite in Julie 1914. Smith wou die taalstryd „op 'n besadigde en verstandige manier” aanpak, maar het self later erken dat „onsagte hamerslae nie onvanpas was om party mense wakker te maak vir die belange van ons volkstaal nie”. Alle taalkwessies word aan Smith oorgelaat, want a.g.v. sy deeglike opvoeding kon hy dié sake beter behartig as Muller of Tomlinson. Gedurende die tydperk toe O.M. in onguns geraak het, het hy sy stille vasberadenheid en deursettingsvermoë ten beste getoon. Hy het 'n „vérsiende blik, durf en groot talent” besit.

11) D.H. 16 Junie 1950 : Artikel deur G.C. Tomlinson : bl.12

12) D.H. : 21 Mei 1948 : bl.25.

13) D.H. : 16 Junie 1950: bl.13. Ook verdere aanhalings in die paragraaf.

„Sy hart en siel was in die Afrikaanse Taal - maar dan moes dit goeie Afrikaans wees !” In 1914 word Smith voorsitter van die A.T.V. op Stellenbosch.<sup>14)</sup>

Prof. Smith word in Mei 1916 die eerste redakteur van die nuwe maandblad De Huisgenoot. Kort hierna kry hy as mederedakteur C.J.L. Ruysch van Dugteren, wat egter in 1918 aftree. Hy stel belang in „alles wat die opbouing van 'n eie Afrikaanse kultuur bevorder”.<sup>15)</sup> Van Dugteren, 'n Hollander van geboorte, het 'n grondige kennis van Afrikaans besit, en het self bydraes in Afrikaans in D.H. laat publiseer.<sup>16)</sup> In Oktober 1918 word daar in D.H. bekendgemaak dat hy a.g.v. die griegepidemie oorlede is. Na sy dood is prof. Smith dan die enigste redakteur van die blad.<sup>17)</sup>

Ons Moedertaal wat later in De Huisgenoot opgaan, het 'n duidelike Afrikaner-nasionalisme verkondig. Daar word uitsluitend net Afrikaans in dié bladje gebruik. Kort na sy verskyning word dit die offisiële orgaan van die hele Kaaplandse A.T.V. Die redakteurs was so geesdriftig dat hulle nie geskroom het om hul standpunt onomwonde en baie duidelik bekend te maak nie. In die eerste redaksionele artikel verklaar hulle : „Koerante (behalwe 'n paar verroeste remskoene) begin al meer plek te gee aan Afrikaanse stukke”.<sup>18)</sup> Daar word ook in dieselfde artikel met minagting verwys na predikante wat „hul diepste oortuigings.... omsluit met die gelapte gordyn van 'n geykte, afgesaagde, amper-Nederlands”.

14) Ook op ander gebiede beywer Smith hom vir Afrikaans. In 1918 word hy die eerste professor in Afrikaans aan die U.S. In 1919 word hy voorsitter van die Afrik. Kultuurvereniging. As lid van die S.A. Akademie doen Smith o.a. veel om die Afrikaanse spelreëls te standardiseer. In 1923 tree hy af van D.H., en in 1925 word hy redakteur van die Afrik. Woordeboek. Op 21 Augustus 1945 tree hy af. Smith is in Junie 1949 oorlede. X

15) D.H.: April 1918.

16) Veral sy artikels oor S.A. kuns het byval gevind. Hy was ook voorsitter van die „Burgerleeskring”.

17) Na Smith se aftrede in November 1923, volg dr. H.G. Viljoen hom op as redakteur van D.H. wat dan 'n weekblad word.

18) Ons Moedertaal : 15 Julie 1914 : bl.1

Die Voortvarendheid van O.M. het menigeen geskok, en in die pers het 'n hewige polemiekie ontstaan, ook na aanleiding van die drastiese kongresbesluite van die A.T.V.-tak op Stellenbosch van 24-25 Julie 1914 waar daar, o.a. gepleit is vir die erkenning van Afrikaans as kerk- en Bybeltaal, en dat daar onder die woord „Hollands” van Artikel 137 van die Unie-Grondwet ook „Afrikaans” verstaan moet word. Intussen gaan O.M. ongeërg en dikwils heel kwetsend sy eie gang, soos dit blyk uit, byvoorbeeld, die onverbloemde veroordeling van sekere Afrikaners wat dink dat dit vernamer is om hul lesers en toehoorders „met die draderige voosheid van 'n stokkerige amper-Nederlands te pynig, dan om pront Afrikaans te gebruik”.<sup>19)</sup> Maar O.M. lewer ook waardevolle werk deur b.v. die publikasie van dr. B.B. Keetse pleidooi vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling in September 1914.

As gevolg van politieke verwickelinge wat na die uitbreek van die Wêreldoorlog ontstaan, word O.M. vanaf November 1914 tydelik gestaak. Vanaf Augustus tot Desember 1915 verskyn dit weer. Intussen knoop die Nasionale pers onderhandelings aan met die Paarl Drukkers Maatskappy, die uitgewers van O.M., met die gevolg dat O.M. in Mei 1916 met die nuwe tydskrif, De Huisgenoot verenig word. D.H. word dan die offisiële orgaan van die A.T.V. In Mei 1916 skryf D.H. oor hierdie saak.<sup>20)</sup> Lesers sal seker dink dat dit alweer 'n „rekonsiliasie, 'n amalgamasie - 'n inslukkerij” is, veral aangesien die titel en opskrifte in Nederlandse vorm verskyn. Miskien sal hulle meen dat die A.T.V.-beweging in 'n „fatsoenlike, konvensionele, hoog-hollandse blaadjie opgegaan is”. Hierna word die standpunt van D.H. t.o.v. Nederlands uiteengesit, wat ons reeds bespreek het. Verder word daarop gewys dat die A.T.V. nie teen Nederlands gekant is nie, en dat dit inderdaad deeglik bewus is van die groot waarde van die Nederlandse taal en kultuur. Daar is 'n groter eenheid wat Nederlands, Vlaams en Afrikaans aan mekaar bind, n.l. die Dietse eenheid. „Die A.T.V. wil geen band met Holland breek nie, dit wil die band herstel en heg maak”, en dit soek die band meer in „taal- en

19) O.M. : 15 September 1914 : bl.60.

20) D.H. : Mei 1916 : „Taalnuws en Opmerkings”.

geestesverwantskap" dan in „taal- en geestesidentiteit". Dus is die ideale van D.H. en die A.T.V. eenders, en die vereniging tussen O.M. en D.H. sal heilsaam wees. „Die A.T.V.-beweging sal en kan in niks opgaan nie, en as daar enige inslukkerij is, dan sal hy gewis nie die ingeslukte liggaam wees nie, want daarvoor is hy veels te groot en te lewendig". „De Huisgenoot voel hom sterker, en bij jong Suid-Afrika altans, gewilder, als hij Ons Moedertaal vir metgesel en ondersteuner het; en die A.T.V. voel hij word groter en magtiger als hij deur die ondernemende Nationale Pers, Beperkt, beskerm en nog verder in die wêreld voortgehelp word".

Verslae van die A.T.V. word in D.H. geplaas. In September 1916, egter, vind die redaksie dit nodig om die „A.T.-Viste" aan te spoor om nie in dié opsig te versuim nie.

Mettertyd word D.H. die offisiële orgaan van ander liggame ook. Met ingang van die tweede jaargang, Mei 1917, word dit die offisiële orgaan van die „Afrikaans Christelike Vrouevereniging" (A.C.V.V.) wat „ywer vir die toepassing van gesonde beginsels in godsdiens, taal en opvoeding", <sup>21)</sup> en die maatskaplike opheffing van minderbevoorregtes, en daarom is die doel van die A.C.V.V. dus „in menigte opsig ook ons doel", skryf D.H. Dit is die „allernatuurlikste ding van die wêreld" om A.C.V.V.-nuus in D.H. op te neem.

Ook die werk van die „Helpmekaar" word onder die aandag van die lesers van D.H. gebring, o.a. in Oktober 1917 in die redaksie-artikel. In Desember 1917 word daar berigte geplaas oor die „Natalse Christelike Vrouevereniging", die „Oranje Vroue-Vereniging", en die „Vroue-Sendingbond", in Januarie 1918 van die „Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie", en in Februarie die Christelike Jongeliedevereniging.

Vanaf April 1921 word D.H. die offisiële orgaan van die studentebevegung, Die Werda. Toe Nederlands as amptelike taal in 1910 erken is, het dit geblyk dat dit nodig was om toe te sien dat die nuwe reëling

21) D.H. : Mei 1917.

in die praktyk toegepas word. Dit was veral die Stellenbosse tak van die A.T.V. wat hom hiervan <sup>voor</sup> belywer het, want volkome erkenning van Nederlands was die eerste stap tot die erkenning van Afrikaans as offisiële landstaal. Gesamentlik met „Ons Spreekuur” word daar 'n taalkonferensie vir April 1911 helê. By hierdie geleentheid is daar 'n waaksaamheidskomitee in die lewe geroep onder die naam „Studente-Werda-Komitee”, met die opdrag om orals soortgelyke komitees op te rig. So word daar o.a. studentetaalfeeste vir September 1912 en Maart 1913 gereël, asook die eerste groot Helledagviering op 26 Maart 1916. Die Werda-organisasie brei geleidelik uit na die noorde waar dit in 1916 tot die Afrikaanse Studentebond ontwikkel.

Ons het reeds daarop gewys dat dit die doel van D.H. was om die regte van die Hollandse taal te handhaaf en om die ontwikkeling van Afrikaans te bevorder. So verklaar D.H.: „Ons eerste werk bestaan daarin, dat ons deur woord en voorbeeld ons mede-Afrikaner oortuig van die praktiese waarde en groter doeltreffendheid van ons eie vorm om sodoende die dag te verhaas, wanneer ons volk als 'n geheel dit sal erken en huldig”.<sup>22)</sup> Maar ook die belange van die Dietse stam moet gedien word: „Mag hierdie nuwe blad ook 'n steentjie bydra tot die bevordering van alle nederlandsse - d.w.s. hollandse en vlaamse sowel als afrikaanse - stambelange in Suid-Afrika!” is die wens wat D.H. uitspreek in „Taalnuws en Opmerkings” by sy eerste verskyning in Mei 1916.

Maar die doel van D.H. is, volgens die eerste redaksie-artikel in Mei 1916, ook om „het oog te vestigen op al het goede in het nationale leven, de geschiedenis, overleveringen en idealen van de hollandssprekende bevolking van Zuid-Afrika”. Die Afrikaanse volk sal „alleen zijn roeping in de grote opmars der volkeren vervullen kan, wanneer het ontwikkel een eigen kultuur, wanneer het spreekt een eigen taal, wanneer het..... vind<sup>t</sup> zijn eigen weg en eigen wijze van handelen”. Die Afrikaanse volk mag nie sy identiteit of sy persoonlikheid verloor nie. Die sedes

22) D.H. : Mei 1916

en gewoontes wat op eie nasionale bodem groei, moet gekweek word.

„Eigen karakter, eigen aanleg, eigen wijze van zien, wensens wij echter te ontwikkelen”. „Ons tijdschrift wil medehelpen, om te handhaven en sterker te maken deze kracht van het afrikaanse volk, om zich self te zijn”. Dit is die strewe van D.H. om „te vertolken wat daar leeft en werkt in het afrikaanse hoofd en hart, en weer te geven wat daar groeit en bloeit op het afrikaanse veld. Ons zonnig Zuid-Afrika is een heerlik land; ons afrikaans volk een sterk volk, dat de mooiste eigenschappen in zich heeft”. Daar „ligt voor ons een arbeidsveld, dat aanspoort tot gespannen arbeid. We zijn nog in de lente, we hebben te ploegen en te zaaien. We willen het doen met de kracht van hen, die de wind reeds zijn lied horen zingen over de velden, die een rijke oogst dragen”. Vreemde elemente wat van buite mag inkom, moet geweerd word. Dit wil nie sê dat 'n Chinese muur opgerig moet word nie, maar „wat van buite kom moet ons sterk vinden, en opgaan in het afrikaanse leven”. D.H. gee ook duidelik te kenne dat by hom nie op die terrein van die party-politiek gaan begreep nie, want „te veel, helaas, word dikwyls aan die politiek geofferd tot schade van ons volkslewen”. In Junie 1916 verklaar D.H. weereens dat die nasionale lewe en strewe gedien kan word sonder om dit op „de gevaarlike politieke wateren” te waag. In Julie 1917 lees ons dat verskeie lesers ontevrede was oor die afwesigheid van politiek, maar D.H. bly vas by sy besluite.

D.H. wil 'n draer van die kultuur wees. In Julie 1916 word daarop gewys dat daar 'n „onlosmakelik verband bestaan tussen kultuur en maatskappelijke toestanden”. Die volk moet eers opgehef word voordat dit aandag kan skenk aan lewensveredeling”. „Een eigen kultuur word nie voortgebragt en gedragen deur die enkele hoogstaander, maar moet opgroeien en zijn voedsel vinden uit die brede lagen van 't volk”. So sal die toekomst van Suid-Afrika veral afhang van hulle wat die land ontgin, „van hen die 't houweel en die spade ter hand nemen, van hen die hun energie wijden aan die opbouw van Zuid-Afrikaanse industrieën”. Dit is hulle wat die fondament lê waarop die kultuur gebou sal word. Manne en vroue is

nodig in hierdie taak wat lank sal neem, om dit te verrig met „een zakelike geest en een beradene houding”. Dan sal die dag kom wanneer „de geest van velen zich in ruime weeldezyn richten kan maar een ideële wereld”, besluit die artikel.

As ons alleen na die eerste jaargang van D.H. kyk, merk ons die rigting op wat die tydskrif inslaan. Ons bemerk ten eerste hoe D.H. liefde vir die eie taal wil skep, D.M.V. redaksie-artikels en ander los artikels oor die taal, rubrieke soos „Taalnuws en Opmerkings” en „Taalvrae en Antwoorde”. In elke nommer verskyn daar verhale en gedigte in Afrikaans, en ook die „Korsies van Pasteie”. Ook word daar aandag aan boekbesprekings gegee.

Iets wat baie in die oog lopend is, is die lewendige belangstelling vir die eie geskiedenis van volk en vaderland. D.H. wil die nasionale trots van die Afrikaner aanwakker deur, onder meer, 'n gereelde rubriek te verskaf oor groot Afrikanerhelde en ander bekende volksfigure. D.H. wil liefde vir eie landelike skoonheid wek. Fotografie-wedstryde, wat baie gewild blyk te wees, word ingestel. Belangstelling word gewek vir eie Suid-Afrikaanse oudhede, besienswaardighede, monumente en boustyle d.m.v. artikels en foto's. Daar is 'n rubriek oor Suid-Afrikaanse kunstenaars. Vir die vroue is daar 'n spesiale afdeling, nl. „De Vrouw in die Huis” wat deur prof. Smith se eggenote, 'n Australiese dame, behartig word totdat M.E.R. (Mevr. Rothman) dit later oorneem.<sup>23)</sup> Ook vir die kinders is daar 'n rubriek, „Uit de Kinderwereld”. 'n Rubriek wat gereeld verskyn, is „Afrikaanse Soogdiere”.

'n Breër belangstelling word by die lesers aangewakker deur die rubriek „Van Het Wereldtoneel” en ander artikels wat oor die buiteland en buitelandse aangeleenthede handel.

23) D.H. : 16 Junie 1950 : Artikel van Tomlinson.

In hierdie skripsie is dit onmoontlik om die betekenis van D.H. as maandblad in die Tweede Afrikaanse Taalbeweging t.o.v. al hierdie sake na te gaan, want dit sou boekdele kon vul. Ons sal ons derhalwe tot die volgende sake moet bepaal : Ten eerste, die belangstelling van D.H. in die stryd om die erkenning van Afrikaans in die Kerk, die Onderwys, die Regering en Plaaslike Besture; ten tweede, taalkwessies wat in D.H. voorkom, t.w. taalvrae, spel- en taalreëls, terminologie vir wetenskap en sportsoorte, en Afrikaanse spreekwoorde ; ten derde, D.H. oor die geskiedkundige agtergrond van die eerste en tweede Afrikaanse Taalbeweging. Die gevolgtrekkings sal in die slothoofstuk geformuleer word.

H O O F S T U K 2

DIE HUISGENOOT EN DIE TAALSTRYD IN DIE

TWEEDE AFRIKAANSE BEWEGING

(a) Afrikaans in die Kerk

Die Hollandse Kerke in Suid-Afrika het gedurende die Tweede Afrikaanse Taalbeweging aanvanklik 'n vyandiggesinde houding teenoor Afrikaans bly handhaaf. Die Kerk was 'n konserwatiewe liggaam wat sy ou instellings nie so maklik prysgee nie. Die Statebybel was vanaf die volksplanting aan die Kaap die rigsnoer van die Afrikaanse volk gewees. Menige Afrikaners wat vir die erkenning van sy taal op ander gebiede sou stry, het verkies dat die Kerk- en Bybeltaal onaangetas bly. Die kerk was, inderdaad, 'n moeilike vesting om vir Afrikaans te verower.

Tog was daar onder die kerkmanne self ondersteuners van Afrikaans, soos dr. D.F. Malan, dr. J.D. du Toit en prof. N.J. Brummer, terwyl daar teenkanting was van ander predikante soos ds. H.S. Bosman, prof. de Vos en prof. J.I. Marais. Vier van die stigterslede van die A.T.V. was predikante. Die nuwe beweging beywer hom aanvanklik nie soseer vir die erkenning van Afrikaans op kerkgebied nie. Preller, die leier van die A.T.G. in die Noorde, het hom in 1916 as volg oor hierdie saak uitgelaat : „Dis nooit ons strewe gewees om ons Kerk te betrek in ons taalstryd nie. Inteendeel, toen ons Genootskap elf jaar gelede totstand gekom is, het ons gemeen om voordeel te trek uit die ervaring van die ou strijd van 1875, wat met die Kerk wou beginne, en juis op dié wyse baje kerkmanne teen die beweging in die harnas gejaag 't. Ons opvatting was dat die Kerk vanself geleidelik sou volg”.<sup>1)</sup> Selfs in 1911 nog het niemand anders as Langenhoven verklaar dat „as die Hollandse Kerk my sou vraag

1) dr. E.C. Pienaar : Die Tr. v. A. : bl.350

om die Bybel, die psalm- en gesangboek en die formuliere, wat aan my hart geheiligd is deur my vroegste herinneringe, in Afrikaans o'er te set, dan sou ek dit te enemaal weier... en ik sou die voorstel (hoe onlogies ook) beskou as heiligskendend. Dit sou vir my smaak 'n parodie wees". 2)

In Julie 1914 word daar op die A.T.V.-kongres o.a. die volgende besluite geneem : Ten eerste, dat die Sinodes van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika dit ernstig oorweeg om die Bybel te vertaal, ten tweede, dat die aandag van die N.G. Kerk gevestig word op die wenslikheid om Afrikaans naas Nederlands as offisiële taal te erken. In hierdie jaar lewer dr. B.B. Keet sy pleidooi vir die Bybelvertaling in Afrikaans, wat in O.M. van 15 September 1914 gepubliseer word. 'n Algemene vergadering in 1914 van die Gereformeerde Kerk in Transvaal neem Afrikaans aan in beginsel as taal, en dring aan op die vertaling van die Bybel en belydenisskrifte. In 1916 erken die Vrystaatse Sinode van die N.G. Kerk Afrikaans as taal, en besluit dat die Bybel vertaal moet word in samewerking met die Gefedereerde Kerke en ander Hollandse Kerke. Kort hierna verklaar die Verenigde Kerk van Transvaal dat dit Afrikaans erken, en die saak word na die Raad der Kerken verwys wat uit die moderature van die vier gefedereerde kerke en die lede van verskillende Sinodes bestaan. Eers op 6 Maart 1919 kom hierdie Raad tot 'n definitiewe besluit t.o.v. Afrikaans. Eers in November 1919 besluit die Sinode van die Kaapse N.G. Kerk ten gunste van 'n Bybelvertaling, nadat die Gereformeerde Kerk reeds in 1917 en die Hervormde Kerk in 1919 soortgelyke besluite geneem het. In 1924 word Afrikaans as offisiële kerktaal van die Kaapse N.G. Kerk erken.

Dit is dus duidelik dat daar by die oprigting van Die Huisgenoot nog groot onenigheid oor Afrikaans in die Kerk geheers het, veral in

2) Dekker : Afrik. Lit. Gesk. : bl.51.

Kaapstad waar daar tydens die Sinode in 1915 pogings aangewend is deur die kerkraad van die moedergemeente om 'n uitspraak teen Afrikaans te lewer.

Prof. Smith, die redakteur van D.H., was een van die taalkundige adviseurs van die kommissie wat belas is met die Bybelvertaling, a.g.v. die besluit van die Vrystaatse Sinode in 1916. Daarom is dit geen wonder dat Die Huisgenoot die hele stryd om Afrikaans in die Kerk en in die Bybel met die grootste aandag en belangstelling volg, en ook opbouende kritiek ten opsigte daarvan lewer nie. Die tydskrif tree op as onvermoeide pleitbesorger vir Afrikaans in die Kerk.

Reeds in die tweede en derde nommers van D.H. word hierdie sake ten berde gebring. Die besluit van die Vrystaatse Sinode om Afrikaans as offisiële taalvorm op die kansel „en elders” te erken, word hartlik verwelkom. So ook die besluit om die Bybel in Afrikaans te laat vertaal. „Wie het gedink dat ons taal so gouw tot sijn reg sal kom?” want die kerk is immers „dan ook die laaste liggaam om iets te erken, van die waarheid en waarde, waarvan sij self nie oortuig is nie.”<sup>3)</sup> „Dat die Vrystaatse Sinode tot die gewigtige stap oorgegaan het, is derhalwe 'n duidelike bewys, dat die Kerk nou insien, dat die Afrikaanse taal 'n deel vorm van die Afrikaanse volkswese, en dus ook die geskikste en doelmatigste draer is van die boodskap van die Kerk aan die volk”.<sup>4)</sup>

In „Taalnuws en Opmerkings” van Julie 1916 word daar uittreksels van 'n brief van 'n predikant gegee, waarin hy, onder andere skryf dat dit sy oortuiging is „dat die enigste middel om die stroom van ons volkslewe in 'n suiwere godsdienstige rigting te stuur, is, om die godsdiens tot ons volk te bring in die taal van ons volk”. As 'n predikant sê dat hy in Afrikaans preek, sou baie Afrikaners dit afkeur. „Maar sê niks, en preek in hul moedertaal, en hulle vind dit o so aantreklik”.<sup>2)</sup> Hyself

3) D.H. : Junie 1916 : „Taalnuws en Opmerkings”.

4) D.H. : Febr. 1917 : „Taalvrae en Antwoorde”.

het reeds met groot seën Afrikaans as medium gebruik. Daarom kan hy nie verstaan waarom die Kaapse Sinode die predikante kan verplig om hulle van 'n taal te bedien wat vir die Afrikaanse volk „onnatuurlik” is en waarin die groot waarhede nie so helder tuisgebring kan word nie. Die „moeder”, d.w.s. die Kaapse Sinode, moet die voorbeeld van die „dogters”, nl. die Vrystaatse en Transvaalse Sinodes volg.

In 1917 word daar in D.H. 'n saak aangeroer wat blykbaar die belangstelling van die lesers aanwakker en aanleiding gee tot 'n bespreking daarvan. Dit is die vorm van die eerste persoon van die persoonlike voornaamwoord : Moet dit ik of ek wees ? Dit is miskien een van die probleme „wat die Afrikaanse Bybelvertaling .... sal afhandel”, sê D.H.<sup>5)</sup> Na aanleiding van 'n lesers se brief oor hierdie saak, verklaar D.H. in Oktober van dieselfde jaar dat die Gereformeerde Kerk besluit het om die ik-vorm vir die Afrikaanse Bybelvertaling te gebruik. J.H.H. de Waal maak ook sy sienswyse hieroor bekend in D.H., Desember 1917. Hy spreek die hoop uit dat die vertalers van die Bybel die gebruikelike Afrikaanse vorms sal volg. Ik sou nie suiwer Afrikaans wees nie. Maar al plaas hulle „onafrikaanse” vorms in die Bybel, tog sal dit geen verskil aan die Afrikaner maak nie, want hy sal voortgaan om die suiwer Afrikaanse vorms te gebruik.

Ander korrespondente druk hul gevoelens heftiger uit. „Het hulle so besluit ?” skryf 'n korrespondent in Januarie 1918 na aanleiding van die besluit van die Kerk om die ik-vorm in die Bybel te gebruik. „A nee, maar ek dag dan die vertaling sal in Afrikaans wees”. „Die Afrikaanse Bybel met 'n substituuat vir ek sal gebrekkig, baie gebrekkig wees”, druk hy verder sy misnoë uit. Hierop antwoord die redaksie van D.H. dat hulle geen persoon die les wou voorsê nie, maar dat hulle verkies het om „aan die konservatiewe kant te sondig”.<sup>6)</sup>

5) D.H. : Febr. 1917 : „Taalvrae en Antwoorde”.

6) D.H. : Jan. 1918.

'n Ander korrespondent, ook in Januarie 1918, verkies die voornaamwoord gij in plaas van u as aanspreekvorm vir die Opperwese. Hier is die redakteur van D.H. van mening dat daar geen beswaar is teen u i.p.v. gij nie.

Dit is duidelik dat die Afrikaanse publiek wat D.H. gelees het, die bevordering van die Afrikaanse spreektaal met belangstelling gadeslaan het, veral ook waar dit die Bybelvertaling betref. In Februarie 1918 skryf H.G. Viljoen 'n brief in D.H. waarin hy die hoop uitspreek dat die Bybelvertalers nie die „inkonsekwent-konservatiewe rigting” sal voorstaan nie. Daar is nog nie 'n „tradisionele Afrikaanse taalkonservatisme” nie, „maar dit sal dubbel noodlottig wees as hulle (dit wil sê die Bybelvertalers) dit moet gaan skep. Elkeen besef die belangrikheid van die Afrikaanse Bybelvertaling”. Die taal van die Bybel moet ooreenkoms toon met die taal van die volk. Omdat daar nie gou weer 'n Bybelvertaling sou wees nie, rus daar „'n dubbele verantwoordelikheid op die vertalers”, besluit Viljoen. Volgens die redakteur van D.H. blyk dit uit die paar proewe van die Bybelvertaling wat aan hom gestuur is, dat die vertalers met groot versigtigheid te werk gaan. Hy vind dit nodig om die lesers op die wyse gerus te stel, want nog 'n korrespondent verklaar : „Dit sal onreg wees als ons 'n Bybel met ik kry”.<sup>7)</sup>

Wat veral van waarde is in D.H. van Februarie 1918, is die brief van die bekende Bybelvertaler en teoloog, dr. B.B.Keet, oor die Afrikaanse Bybel. Kortliks vertel hy hoe die „Kollege van Bybelvertalers” bymekaar gekom het om te besluit oor die finale vorm waarin die Bybel sou verskyn. Voorlopig het hulle „sekere vorms en uitdrukkings vasgestel, met die mening dat na 'n paar jaar, wanneer die vertaling klaar is, die praktyk sal uitgewys het watter vorm of woord sal moet gebruik word”. Dit sou dan nog twee jaar duur voordat dit klaar sou wees.

7) D.H.; Febr. 1918.

In Mei 1918 skryf 'n predikant dat sy preek en gebed altyd in Afrikaans is. Tog is die aanspreekvorm u i.p.v. gij 'n struikelblok : „Gebruik bv. so 'n uitdrukking als : „O, here, u, onse God !”, en dan voel u dat u doet tekort”. Weereens moet die redakteur van D.H. hierdie probleem oplos. Gij is nie 'n Afrikaanse voornaamwoord nie, en reeds in 1885 het die Genootskap van Regte Afrikaners besluit om dit met u te vervang.

Ook in dié Mei-nommer van D.H. skryf I.W. van Tonder hoe hy en 'n vriend in die kerk geluister het na 'n preek oor „die eie ek”, wat in Hooghollands gelewer is. Die betrokke predikant het die ek-vorm vier keer na mekaar gebruik, waarop die korrespondent as volg gereageer het : „Toe ek die eerste ‚eie ek’ hoor, bons my hart op van verrukking en ek stoot aan my maat, wat trug knik en grimlag. Ek dink die oubaas moes hom verspreek het, maar juis die feit dat hy sy mond verby gepraat het, sê baie”. Maar protes teen die gebruik van ek in plaas van ik bly nie uit nie : „Ons sê almaal ik”, verklaar 'n sekere ds. Boshoff.<sup>8)</sup> Die woorde van 'n sekere korrespondent wat verklaar dat hy in D.H. opmerk „dat daar nogal baie geskryf word oor die gebruik van sekere woorde met die oog op die Afrikaanse Bybel”,<sup>9)</sup> is inderdaad volkome waar, soos ons kortliks aangetoon het.

Net na die „Taalvrae-Korrespondensie” -rubriek waarin die korrespondensie verskyn het, is daar 'n kort artikeltjie onder die opskrif : „Die Ouderdom van ‚Ek’”.<sup>10)</sup> Daarin word 'n Oernoorse inskripsie van die eeu na Christus aangehaal waarin die vorm ek vir die eerste persoon van die persoonlike voornaamwoord voorkom. So ook word die Oudsaksiese geloofsbelydenis uit 'n handskrif van die neënde eeu na Chr. aangehaal, waarin die ooreenkomstige voornaamwoordsvorm ec is. Sonder verdere kommentaar vermeld die artikel dat „'n groot gedeelte van Holland en ook

8) D.H. : Mei 1918 : „Taalvrae-Korrespondensie”.

9) D.H. : Idem.

10) D.H. : Mei 1918.

Nederduitsland, vanwaar so vele Afrikaanse stamvaders gekom het, spreek Saksiese dialekte”.

Terwyl sekere predikante teen die gebruik van sekere Afrikaanse woorde en uitdrukkings in die Bybelvertaling gekant was, was daar ander wat onvermoeid vir Afrikaans gestry het en wie se werk D.H. hoog op prys gestel het, bv. dr. T.B. Muller wat die eie moedertaal beskou as „die voertuig waardeur 'n nasie die beste uitdrukking kan gee aan sy heiligste gewaarwordings”.<sup>11)</sup>

In November 1918 verklaar D.H. met genoeë dat die kerkblad in 'n artikel oor „De Kerk en de Afrikaansche Taal” die reg van die bestaan van Afrikaans as skryftaal „volmondig erken” het.

Die redaksie van D.H. maak in November 1919 bekend dat die Sinode van die Kaapse N.G. Kerk op 7 November 1919 besluit het om Afrikaans naas Nederlands as offisiële kerktaal te erken. Tereg noem die blad dit 'n „mylpaal in die geskiedenis van die Afrikaanse taal”. Kortliks word daar vertel hoe daar petisies teen die gebruik van Afrikaans as kerktaal opgestel is deur 46 gemeentes, met 11,000 naamtekeninge. Uit 128 gemeentes was daar geen proteskrifte nie. Daarby was daar nog 129,000 lidmate wat hulle nie uitgespreek het teen die gebruik van Afrikaans in die kerk nie.

Die Sinode van die Kaapse Kerk het Afrikaans nie net as kanseltaal erken nie, maar op 10 November 1919 het hy hom ook ten gunste van 'n Afrikaanse Bybelvertaling verklaar, en 'n kommissie aangestel om dit te ondersoek. „Ons wens ons hartlike dank te bring aan die lede van die Sinode, wat met soveel beleid in hierdie volksaak gehandel het,” skryf D.H. wat ook in sy skik is met die aanstelling van dr. B.B. Keet aan die teologiese Kweekskool op Stellenbosch, aangesien hy die woordvoerder van die Sinodale kommissie was wat 'n Bybelvertaling moes ondersoek. Sy aanstelling is „dan ook 'n waarborg vir ons dat die Afrikaanse volkstaal voortaan onafskeidelik aan die Afrikaanse godsdiens verbonde sal wees”.<sup>12)</sup>

11) D.H. : Desember 1918.

12) D.H. : November 1919.

Die erkenning van Afrikaans as skryftaal deur die Kerk was werklik 'n hoogtepunt in die stryd. Daarom is dit geen wonder dat D.H. in die volgende maand, Desember 1919, 'n groot portret (wat 'n hele blad in beslag neem) plaas van die lede van die Sinode van die N.G. Kerk van die Kaap !

In Desember 1919 vermeld D.H. dat die derde druk van die Afrikaanse Kinderbybel van ds. W.J. Conradie byna gereed is. Die Kinderbybel het „veel daartoe bygedra .... om die oorwinning van die Afrikaanse taal te verseker,” en dit is „ongetwyfeld in geen geringe mate aan dié Kinderbybel te danke dat die vooroordeel teen ons volkstaal in die godsdienst so spoedig oorkom is”.

Soos die redaksie reeds in November belowe het, verskyn die toespraak van dr. B.B. Keet oor Afrikaans wat hy voor die Sinode gehou het in D.H. van Desember 1919. Onder andere sê dr. Keet : „Als het Afrikaans in onze Kerk niet dadelik erkend wordt, vervreemden wij het opgevoede, denkende en vooruitstrevende jonge geslacht van onze Kerk”. Die godsdienst van die Afrikaner sou veel inniger, „werkliker” en eg wees as Afrikaans gebruik word, en nie die „kunsmatige Nederlands” nie. Hierdie faktor weeg by Keet die swaarste as hy vir Afrikaans as kerktal pleit.

Maar hy waarsku dat daar met versigtigheid te werk gegaan moet word, aangesien die ouer geslag nog aan Nederlands vaskleef. „Hier is de plaats vooral waar wij langzaam moeten haasten en de vrucht niet ineens rijp willen drukken”, want „deze ouden van dagen en anderen nemen wel aanstoot”. „Voor hen zal het 'n pijnlike operatie zijn, die diepe wonden zal nalaten”. Die oorgang na Afrikaans moet geleidelik wees, sonder wrywing en bitterheid aan beide kante. Dit moet nie geforseer word nie. „Dwangmaatregelen .... zullen alleen door de tegenstand te prikkelen de zaak vertragen”, wat tot „onberekenbare schade voor de zaak des Heren” sou wees.

Uit sekere artikels van G.R. van Wielligh wat onder die opskrif „Ons Geselstaal” in D.H. verskyn, blyk dit dat predikante van die

Hollandse Kerk oor die algemeen baie behulpsaam was deur gevraagde inligting oor Afrikaanse spreektaal in verskillende streke aan die skrywer te verskaf.<sup>13)</sup> Heel dikwels raak die betrokke leraar so geïnteresseerd in die saak dat hy ongevraag verdere ondersoek doen en dan hierdie bevindings aan Von Willigh bekendmaak. Ook dr. B.B. Keet in sy hoedanigheid as predikant op Graaff-Reinet was op hierdie manier behulpsaam. So word die aandag van die Kerk indirek op die ontginning van die Afrikaanse taal toegespits.

Afrikaans as kanseltaal kom weer onder bespreking in „Taal- en Stamnuus” van Maart 1922. Terwille van die „aardigheid” word 'n uittreksel uit 'n brief in „Ons Land” van 7 Maart 1922 gegee om aan te toon dat daar nog persone was wat Afrikaans nie wou erken nie. „Komt de Afrikaanse Bijbel bij de konsistoriekamer in, verlaten velen de kerk door de voordeur”, verklaar die korrespondent, C.G. de Villiers. Maar in Mei 1922 meld D.H. dat dr. J.D. du Toit, by geleentheid van die opening van die nuwe gebou vir die Teologiese Skool op Potchefstroom, gewys het op die „noodsaaklikheid” van Afrikaans vir die Bybel, die prediking en die liturgie. „Die prediking moet Afrikaans wees, maar ook gedistingeerd; en dis 'n moeilike kuns”.

Die Kerkgesang in Afrikaans kom ook onder die aandag van D.H.<sup>14)</sup> Dit is die mening van die tydskrif dat die oorgang geleidelik moet wees. Selfs Langenhoven was „tog huiwerig om somar meteens afstand te doen van alles wat deur die tyd geheilig is”. Elders in hierdie nommer van D.H. word 'n Afrikaanse beryming deur Totius van Psalm 148 geplaas, 'n poging wat die tydskrif blykbaar met goedkeuring beskou.

Die oorgang van Nederlands tot Afrikaans as kanseltaal het nie vlot verloop nie. Volgens D.H. van Julie 1922 was daar onenigheid in die gemeente Paarl a.g.v. die besluit om een diens per maand in Afrikaans te hou. Daar is selfs korrespondensie in die koerante gevoer. Die

13) D.H. : Sept. 1921 : Ons Geselstaal : Hfstk. : XXV.

14) D.H. : Julie 1922 : „Taal- en Stamnuus”.

besluit sou betrouenswaardig wees en sou selfs die voortbestaan van die gemeente kon aantas. Die kommentaar van D.H. hierop is : „Molik sal die meeste regsinnige mense van hom verskil”.

Die stryd van die pioniers van die Eerste Beweging vir die erkenning van Afrikaans as kerktaal word nie vergeet nie. In November 1922 vertel D.H. hoe C.P. Hoogenhout hom hiervoor beywer het. In die „besluit” tot „Die Geskiedenis van Josef” sê hy : „As julle bid dan mot julle ook meteens aan onse liewe Heer vra, dat die Bijbel tog vertaal mag worde in die Afrikaanse taal ook”. „Die Woord mot aan alle mense bekend gemaak word in hulle eige taal”. In Mei 1923 skryf D.H. waarderend oor die baanbrekerswerk van D.F. duToit (Oom Lokomotief) wat sy hele lewe lank in die Afrikaanse Bybelvertaling geïnteresseerd was en dit uit die ou Statebybel wou vertaal, terwyl sy broer ds. S.J. du Toit dit uit die oorspronklike tale wou doen. Volgens D.H. vertoon die Bybelvertalers „vandag nog dieselfde verskil van mening”.

In 1922 besoek 'n sekere opvoedkundige, prof. Casimir, die land. Hy verklaar : „Ek gee voorkeur aan preke in Afrikaans bo dié in Hollands” en „ek het in die Afrikaanse preke meer lewe gevind, meer besieling.” Volgens Casimir is „die Hollandse preek.... suiwer water uit die kraan van die waterleiding; die Afrikaanse preek is 'n stromende rivier”. Hierdie uitlatings van 'n uitlander word deur D.H. in Desember 1922 saamgevat onder die veelseggende opskrif : „Woorde van Prof. Casimir wat ons nie mag vergeet nie”.

Maar aan die ander kant is daar vooroordeel teen Afrikaans selfs nog onder Afrikaners, soos blyk uit die volgende staaltjie <sup>15)</sup>: 'n Ouderling vertel aan 'n dominee dat hy die kerk waar daar in Afrikaans gepreek word sou verlaat. Daarop vra die predikant hoe sy preek van Sondagaand hom geval het. „Dit was die duidelikste preek wat ek nog van 'n predikant gehoor het”, kom die antwoord pront. „Nou ja”, sê die

15) D.H. : Des. 1922 („Vooroordeel”).

dominee, „dit was in Afrikaans”.

In Augustus 1923 bespreek D.H. die Afrikaanse Bybelvertaling. Die vier Evangelies en die Psalms in Afrikaans wat kort tevore in druk verskyn het vir die eerste maal ~~word~~ welkom geheet. Hierdie proefuitgawe het kritiek uitgelok, gunstig en ongunstig, „maar almal het gevoel dat daar darem iets gedaan is” en dat die vertalers in hulle werk verder aange- moedig moet word. „Hulle taal is seker op meer as een plek te berispe. Derhalwe sal daar nog baie gestudeer moet word, wat tyd in beslag sal neem, „maar die groot saak maak dit gebiedend”. Twee „eindvertalers”, ds. J.D. duToit en prof. B.B. Keet is gevra om al hulle tyd aan die vertaling te bestee. Volgens D.H. sal die benoeming van hierdie bekende taalstryders vir Afrikaans die goedkeuring van die hele volk wegdra.

As D.H. in November 1923 'n weekblad word en prof. Smith as redakteur bedank, is die Bybel in Afrikaans nog nie 'n voldonge feit nie. Eers in Junie 1929 word die Vier Evangelies en Psalms weer in Afrikaans uitgegee. Die volledige Afrikaanse Bybel verskyn eindelik in 1933, terwyl die Psalm- beryming selfs later, nl. in 1937, gereed is. Eers in 1944 word die volledige psalm- en gesangboek in Afrikaans uitgegee.

D.H. het <sup>vanaf</sup> ~~gedurende~~ 1916 <sup>tot</sup> ~~en~~ 1923 sekerlik veel gedoen om Afrikaans in die Kerk direk en indirek te propageer. Die tydskrif, wat 'n wye leeskring gehad het, vertolk die gevoelens van die volk, en kan dus nie deur die Kerk oor die hoof gesien word nie. Deur steeds simpatiek teenoor die algemene belange van die Kerk te staan, het D.H. waarskynlik die agting van die kerklike owerhede geniet. In Oktober 1921, byvoor- beeld, word 'n oproep deur 'n predikant om fondse vir die C.N.O.-skole in Rhodesië in die blad geplaas, en in Oktober 1922 doen nog 'n predikant aanvraag om hulp op Kerk- en skoolgebied vir Afrikaners buite die Unie.

(b) Afrikaans in die Onderwys

Na die Tweede Vryheidsoorlog was die posisie van Nederlands in die onderwys baie wankelbaar. Die verengelsingsbeleid van die veroweraar word veral in die skole toegepas. Op 27 Desember 1900 skryf Milner : „In the new Colonies the case will be easier to deal with, provided we make English the language of the higher education. Dutch should only be used to teach English, and English to teach everything else”.<sup>16)</sup> E.B. Sargent, die Direkteur van Onderwys vir die twee republieke, skryf aan Milner in 1901 dat daar onderwysers uit Engeland moet kom „in order that they might teach the children of the burghers our language and our ideals.... and eventually teach these children our great imperial ideals”.<sup>17)</sup> Artikel 6 van die Verdrag van Vereeniging lui : „The Dutch language will be taught in Public Schools in the Transvaal and Orange River Colony, where the parents of the children desire it”.<sup>18)</sup>

Maar kerk- en onderwysmanne kom langamerhand in verzet teen hierdie soort maatreëls wat daarop gemik is om Hollands heeltemal uit te roei en die Afrikaner te verengels. Die sogenaamde „Christelik Nasionaal Onderwys”-skole met Hollands as voertaal word in die lewe geroep. Teen die einde van 1904 was daar reeds 200 sulke skole wat weens finansiële druk 'n moeilike bestaan gevoer het. Die V.N.S. wat deur die S.A. Taalbond in 1904 ingestel word, vind sy aanhangers in hierdie skole wat dan ook gebruik maak van skoolbøeke en grammatika's in die vereenvoudigde spelling geskryf.

Preller, die groot kampvegter vir Afrikaans, meen dat die tyd nog nie ryp is vir die gebruik van Afrikaans as voertaal in die onderwys nie. Nederlands moet nog in die Kerk en in die skool gehandhaaf word. „Dis

16) Gen. J.C. Kemp : Die pad van die Veroweraar : bl.74.

17) Pienaar : Tr.v.Afr. : bl. 222

18) Nienaber : Die Afrikaanse Beweging : bl.106

wel ons ideaal dat 'n beskaafde Afrikaans eenmaal op die skoolbanke moet geleer en van die kansel gehoor worde, maar dit moet die gevolg wees van 'n erkende toestand", is sy houding.<sup>19)</sup>

Die eerste belangrike stap tot die erkenning van Afrikaans vind in 1914 plaas. Op 23 April dien C.J. Langenhoven 'n voorstel in by die Kaapse Provinsiale Raad waarby Afrikaans tot en met Standerd Vier in die laerskool as voertaal gebruik sou kon word. Dit word eenparig aangeneem. Op 2 Julie 1914 lewer hy 'n pleidooi vir Afrikaans as medium van onderwys voor die Akademie in Bloemfontein, wat dit met twee teenstemme goedkeur. Die Provinsiale Rade van die Transvaal en die Oranje Vrystaat neem nog in 1914 soortgelyke voorstelle aan. Vanaf hierdie jaar word Afrikaans geleidelik dwarsdeur die hele skool ingevoer.

Die universiteite het in die stryd om die erkenning van Afrikaans nie agterweë gebly nie. Reeds vanaf 1911 het die Werda-organisasie hom beywer vir die bevordering van Hollands en Afrikaans. In 1916 word die A.S.B. opgerig wat die bevordering van die Afrikaanse kultuur beoog. In 1918 versoek die studente aan die Universiteit van Kaapstad die Senaat om Afrikaans as voertaal en studievak toe te laat. In 1918 word leerstoel vir Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch (Augustus) en die Grey-Universiteitskollege, Bloemfontein (Oktober) ingestel met prof. Smith en dr. D.F. Malherbe onderskeidelik as hoogleraars.

Vir die stryd om erkenning van Afrikaans in die onderwys is Die Huisgenoot met ~~die ene~~ belangstelling<sup>gevol</sup>. Elke moontlike faktor wat enigsins daarmee in verband staan, geniet die aandag van dié blad en word met belangstelling betrag.

In Junie 1916 skryf D.H. oor Afrikaans in die Transvaalse skole. 'n Deputasie is deur die A.T.G. na die Transvaalse Provinsiale Raad<sup>afgevaardig om</sup> die invoering van Afrikaans in die skole te bespreek. Die samesprekings het blykbaar

19) Dekker : Afr. Lit. Gesk. : bl.44.

vrug afgewerp, want D.H. verwelkom dit dat die saak van Afrikaans dus 'n heel end' vooruit gegaan het. Daar bestaan 'n moontlikheid dat Afrikaans reeds in Januarie 1917 in die laagste klasse ingevoer sou word, sodat teen 1923, volgens beraming, die hele laerskool Afrikaans as medium sou kon gebruik. D.H. haal ten opsigte hiervan die woorde van Die Brandwag aan. „Ons taalstryd gaat daardeur 'n magtige stoot vorentoe kry”.

In Julie 1916 kan D.H. skryf : „Ons taal geniet dus al heel wat erkenning in die kerk, in die skool, en in die staatskantore”. Maar die stryd is, derhalwe, nog geensins klaar nie : „Denk maar net aan die hoogste geregshowe en die universiteitskolleges, waar ons taal nog geen, of bykans geen erkenning het. Die kolleges veral is 'n hoogs belangrike terrein.” D.H. koester die hoop dat vanaf 1918 die universiteite Afrikaans as medium sou erken en „als taal sal onderwijs word”. Maar D.H. voel egter bekommerd en genoodsaak om uit te roep : „Waar is die volbloed A.T.Viste-studente sowel als professore ?” Die saak van Afrikaans moet nou gepropageer word. Daar mag nie verslapping intree nie. Kragte moet ingespan word. „Die tyd is rijp, en vra is vrij”. „Bijna al” die studente van die Victoria-Kollege op Stellenbosch is „vuur en vlam” vir die erkenning van Afrikaans as skryftaal. „In bijkans alle vereniginge” word die Afrikaanse Taal erken en gebruik. Volgens D.H. is dit 'n bewys dat dit nie die studente is wat Afrikaans as medium van onderwys of as universiteitsvak teenstaan nie. Waarom sou Afrikaans dan nie aan die universiteite en kolleges erken word nie ?

Maar as Afrikaans op skool geleer word, is dit noodsaaklik dat die onderwysers self dit eers goed ken. Daarom pleit D.H. in November 1916 dat Afrikaans by die hoogste „onderwysereksamen” erken moet word. „Als Afrikaans op die skool moet geleer word, dan moet die meesters dit eers ken. Ons moet so te sê van bo af begin, voor ons van onder af kan begin”. D.H. steun heelhartig 'n voorstel van dr. G.G. Cillie op 'n vergadering van 'n onderwyskommissie, dat Afrikaans naas Hollands en Engels as medium by die „Eerste-Klas Onderwysereksamen” toegelaat word.

'n Korrespondent, P.J. du Toit, skryf ook oor hierdie saak.<sup>20)</sup> Dit is ook sy mening dat daar 'n begin gemaak moet word by die opleidingskole. Elke onderwyser moet in staat wees om Afrikaans as taal „degelik te gebruik en te onderwys”. Daar moet eksamens in Afrikaans wat „degelik en moeilik” is ingestel word sodat dit 'n eer vir die aspirant-onderwyser sal wees om daarin te slaag. Terwyl daar nog onderwysers is wat verklaar dat hulle „somaar op hulle eie manier skrywe”, is daar nie veel hoop vir Afrikaans nie.

Dit blyk dat daar vordering gemaak word, want die A.T.V.-verslag in D.H. van November 1916 meld dat Afrikaans as eksamenmedium vir alle o.l.-studente erken is.

Afrikaans het nog voortdurend 'n stryd te voer teen Engels, veral die Engelse boek in die skole. Op hierdie wyse word die skoolgaande Afrikanerjeug steeds nog blootgestel aan verengelsing. Daarom is dit so nodig, skryf D.H., dat die Afrikaanse volk homself moet wees „in die huis, in die skool, in die universiteit”.<sup>21)</sup>

D.H. is werklik verheug as die Universiteit van Stellenbosch op 2 April 1918 in werking tree. Met sy „oppermagtige Afrikaner-element” sal dit die plek wees „waar die beste en edelste van alles wat Hollands-Afrikaans is, geëer en gehandhaaf word”. Dit sal die leiding neem in die verstandelike ontwikkeling van die Afrikaanse volk. Die U.S. is in die eerste plek die universiteit „waar rekening gehou moet word met die behoeftes en ideale van die Hollandssprekende bevolking, en waar die taal van dié bevolking 'n ere-posiesie moet inneem”. Die universiteit kan regstreekse invloed op die ontwikkeling van die volk uitoefen alleen waar die onderwys d.m.v. die volkstaal geskied.

Die oprigting van leerstoele in Afrikaans aan die universiteite word deur D.H. met geesdrif verwelkom in Junie 1918. Daar word vertel hoe

20) D.H. : Nov. 1916 : „Taalnuws en Opmerkings”.

21) D.H. : Des. 1917.

petisies gestuur is aan die Registrateur van die Universiteit van Suid-Afrika en die Minister van Onderwys insake leerstoele en die erkenning van Afrikaans as voertaal. „So word die een vesting na die ander deur die voorstanders van ons taal bestorm !” roep D.H. uit. In die Boland word daar net so hard gestry - „so wat ons kan”. Verskeie professore aan die U.S. gee reeds voorlesinge d.m.v. Afrikaans. Die Senaat van die universiteit het kort tevore toegestaan dat Afrikaans as medium in die Departement van Filosofie gebruik word. „Maar ons is nog nie tevrede nie : ons wil nog 'n leerstoel in Afrikaans hê”, eindig die redaksie-artikel.

Die Universiteit van Kaapstad bly nie agterweë in die taalstryd nie, soos blyk uit D.H. van Julie 1918 waarin vertel word dat daar op 'n monstervergadering, gehou op 28 Junie en bygewoon deur 500 studente, eenparig besluit is dat dit wenslik sou wees om die studie van Afrikaans in die kurrikulum van die universiteit op te neem, en dat Afrikaans geleidelik as voertaal ingevoer moet word. Hierdie voorstel is deur 'n Afrikaner gedoen en deur 'n Engelsprekende student gesekondeer. Hiermee is D.H. hoog in sy skik, en die studente word met hul flinke optrede gelukkiggewens. Hulle het sodoende die Afrikaanse saak „'n goeie ent vorentoe gebring”, hulle eie sienswyse ondubbelsinnig bekendgemaak, en gewys dat hulle in hierdie nasionale saak nie „in die geringste mate wil agterstaan nie”. „En sal die Raad en die Minister van Onderwys dit wae om hul toestemming te weier ?”, skryf D.H.

In Oktober 1918 verklaar D.H. dat dit 'n voldonge feit is dat daar vanaf die begin van 1919 twee leerstoele in Afrikaans aan die universiteite sal wees, nl. aan die Grey-Universiteitskollege, Bloemfontein, waar dr. D.F. Malherbe as professor benoem is, en aan die U.S., waar J.J. Smith aangestel is. „Maar dit is nog nie al nie”. Vanaf die volgende jaar sou die voertaal Afrikaans wees aan die Teologiese Skool te Potchefstroom, waar daar ook 'n kursus in die Afrikaanse taal en lettere ingestel is. Met die trots en stoutmoedigheid van hom wat die oorwinning smaak, skryf D.H. verder : „Hoe potsierlik teenoor hierdie feite is die skouwspel wat ons dagblaaie, veral die „Cape Times” en „Star” onlangs opgelewer het !

Dit blyk dat daar nog altyd enkele eienaardige persone bestaan, wat dink hul kan die Afrikaanse taal deur 'n onsinnige lastergeskryf in die koerante benadeel". Maar, skryf die redakteur, ons „gaan ons gang en slaan geen ag op die harlakijnagtige stuiptrekkings van een of ander oorblywer uit die steenperiode nie". Geesdrif en besieling straal uit die woorde van die redakteur. Daarom gee ons die verdere uiteensetting van die standpunt van D.H. in sy eie woorde : „Alle normale mense en vooruitstrewende liggame verstaan vandag dat Afrikaans die skryftaal van Hollands-Suidafrika gaan word, ja grotendeels reeds is, en dat dit eenvoudig gekheid en tydverspilling is om te probeer om die see te keer; want die gees van Jong Suidafrika - soos weer nou ten duidelikste blyk uit die onlangs gepubliseerde Taalmanifes van die Afrikaanse Studentebond - sal nie rus voor en aloor Afrikaans op elke gebied van ons samelewing erken en gehandhaaf word nie".

In D.H. verskyn daar in November 1918 'n artikel oor Afrikaans in die hoër onderwys deur „W.E.M.” van Stellenbosch. Die skrywer wys veral daarop dat die moedertaal nog nie suiwer genoeg gepraat word nie. Volgens hom lê die oplossing by die universiteitsdosente wat leermiddele vir hul eie eerstejaarsstudente in Afrikaans moet skeep. So sal die toekomstige onderwysers „iets konkreets” oor die saak kry. Tegelykertyd sal die dosent die kans hê om terminologie en wyse van uitdrukking „grondig te oorweeg vóór hy voor sij studente optree met die taalvorm waaraan hy.... miskien nie aan gewoon is nie”. Handboeke in Afrikaans is dringend nodig. Dis 'n saak waarvoor nasionale fondse aangewend kan word.

Die bevordering van Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad word deur D.H. goed dopgehou. In November 1918 kon die tydskrif getuig dat daar heelwat bydraes in Afrikaans in die Kwartaalblad verskyn het, o.a. gedigte van A.D. Keet en Theo. Haarhoff. In Desember 1919 vertel D.H. van die stigting van „Die Afrikaanse Wetenskaplike Vereniging” - in April 1918 aan die U.K. Die doel van dié vereniging is die bevordering van die Afrikaanse taal en wetenskap „in die moederstad” van Suid-Afrika. In D.H. van Januarie 1922 lees ons van die stigting van die „Taal- en Kultuurvereniging” in 1920 aan hierdie universiteit. Onder die leiding van dié

vereniging word die eerste Afrikaanse toneelstuk aan die U.K. opgevoer, nl. Magrieta Prinsloo, onder regie van J.F. Burger. Letterkundige en voordragwedstryde word uitgeskryf, en Afrikaanse boeke aan die universiteitsbibliotheek geskenk.

In Mei 1919 verleen D.H. prominensie aan die Afrikaanse Studentebond wat op 1 en 2 April 'n kongres op Bloemfontein gehou het. Die A.S.B. het al „uitstekende werk gedaan vir die erkenning van die Afrikaanse taal in die onderwys”, skryf die redakteur, en dit is ten gunste van aparte skole vir Hollands- en Engelsmedium. Dit „beskou die eenvormigheid van die twee rasse op dieselfde skole en universiteite nie as ideaalnie”. Die A.S.B. beywer hom vir leerstoele in Afrikaans aan alle S.A. kolleges en universiteite, die gebruik van Afrikaans as voertaal in normaalskole, die uitgee van wetenskaplike handboeke in Afrikaans, asook vir die instelling van Afrikaanse eksamens deur die Akademie. Dit is duidelik dat die A.S.B. die hartlike ondersteuning van D.H. geniet. Die redakteur spreek die hoop uit dat dit sal voortgaan om die „onderwyswêreld te suiwer van alles wat die gesonde ontwikkeling van ons Afrikaanse nasionaliteit misken en belemmer”.

Ordonnansies van die Provinsiale Rade en verslae van die Regeringsdepartement van Onderwys wat in verband staan met die erkenning van Afrikaans in die onderwys, kom onder die aandag van D.H. In Julie 1919 word daar bekendgemaak dat, kragtens die Ordonnansie van die Kaapse Provinsiale Raad wat in Mei aangeneem is, Afrikaans sowel as Nederlands as vak en as medium van onderwys in alle standerds toegelaat word, d.w.s. tot by St.X. Dit is werklik 'n mylpaal in die taalstryd. „So verower ons taal die een vesting na die ander”, verklaar D.H. wat so in sy skik is dat die betrokke Ordonnansie nog in dieselfde nommer van die blad in sy volledigheid geplaas word.

In Oktober 1919 skryf die redakteur van D.H. oor die verslag van die Onder-Sekretaris van Onderwys vir die tydvak eindigende 31 Desember 1917. In hierdie blouboek word daar verklaar dat die voertaal van die Transvaalse Universiteitskollege Engels is. „Toe ons dit lees, het ons ons oë begin te

vrywe", sê die redakteur, wat daarna die Engelse uitgawe raadpleeg om net weer te lees dat die medium „is at present English”. „O hoofstad van Paul Krüger, hoe kan jy, hoe kan jy?” is die verontwaardigde uitroep in D.H. Interessant in dié verslag is die bevindinge omtrent die studente se bevoegdheid om lesings in Hollands of in Engels, of in albei tale, te volg. Die U.S. en die Grey-kollege te Bloemfontein alleen kon van tweetaligheid getuig. Die Natalse Universiteitskollege berig dat die enigste vak waarvoor Hollandsmedium verlang word Hollandse Letterkunde is ! Die Rhodes-universiteitskollege verklaar dat die „tegenwoordige omstandighede geen onmiddellike handeling vereisen”. Die T.U.K. „simpatiseert” met die idee van tweetaligheid, maar sê dat dit nog nie uitvoerbaar is nie, terwyl die U.K. verklaar dat die tweetalige student nog nie as die „normale” student beskou kan word nie. Die heer Geo. M. Hofmeyr wat hierdie verslag opgestel het, is nie teenoor Afrikaans vyandiggesind nie. Hy verwag, inderdaad, dat Nederlands „eerlang geheel” deur Afrikaans as voertaal in die skole vervang sal word. Die redakteur van D.H. spreek die hoop uit dat hy voortaan self sy eie volkstaal in sy offisiële dokumente sal gebruik. In Februarie 1921 wens D.H. Hofmeyr geluk met sy volgende verslag oor die onderwys wat hy werklik in Afrikaans geskryf het. „Dit is soos dit hoort”, is die kommentaar van die blad.

In November 1919 meld D.H. dat dit nodig was om in die Onderwys-gaset van 30 Oktober duidelik te verklaar dat die Taalordonnansie van Mei 1919 beteken dat Afrikaans in plaas van Nederlands in alle standerds en vakke gebruik kon word. Sekere „remskoen-elemente” wou dit as volg uitleê : Afrikaans saam met Nederlands. Die jaar 1919 was 'n baie belangrike jaar vir die Afrikaanse taalstryd. „Waarlik, die verowering en bekeringe op die gebied van die Afrikaanse taal was in 1919 so geweldig en so talrijk, dat ons gerus kan sê dat in dié jaar die stryd tussen die twee Hollandse taalvorme vergoed ten gunste van Afrikaans besleg is”.<sup>22)</sup>

22) D.H. : Des. 1919 : Taal- en Stamnuws

Selfs opvoedkundiges wat buite die Afrikaanse taalstryd staan, is die mening toegedaan dat Afrikaans die toekomstige taalvorm gaan wees. In Desember 1919 skryf D.H. dat dr. P. Geyl, professor in Nederlands aan die Universiteit van Londen, verklaar het dat Afrikaans ongetwyfeld die plek van Hollands in S.A. sou inneem. Die Hollandse universiteite het Afrikaans in dissertasies toegelaat „lank voordat van soiets in Suid-Afrika gedroom is”. Prof. C.M. Drennan wat Engels doseer aan die S.A.Mynskool in Johannesburg pleit, volgens D.H., vir die studie van Afrikaans deur die Engelssprekendes. „Ons is seker dat as ons net manne van sij soort in die land had, daar altijd 'n hartlike samewerking tussen die Engelse en Hollandse gedeeltes van ons bevolking sal bestaan”, verklaar D.H.<sup>23)</sup>

Dr. W.J. Viljoen, die S.G.O. van die Kaapprovinsie en die bekende voorstander van Nederlands, kom tot die slotsom in sy onderwysrapport van 1919 dat Afrikaans die Nederlandse taal gaan verdring. „Het idee dat Hollands ooit een voertaal in ons stelsel van onderwijs.... zal worden naast Engels en op gelijke voet daarmee, kan nu niet langer vastgehouden worden”, skryf hy.<sup>24)</sup> Die kommentaar van die redakteur van D.H. is : „Is daar soms nog een of ander oorblywende uit die dae van voor die Sondvloed, laat hom dan ag gee op hierdie woorde .... d.w.s. as hy nog na rede kan luister”.

Maar onder Afrikaners selfs is daar soms nog twyfel aangaande Afrikaans-mediumskole. In Oktober 1921 skryf D.H. dat 'n sekere skoolinspekteur Swanepoel verklaar het dat die kinders in Afrikaansmediumskole gevaar loop om eentalig te word, terwyl die Engelse kinders weer „hul bes doen om Afrikaans te leer en sodoende gou-gou tweetalig sal wees”. D.H. is daarmee eens dat die tweede landstaal nie verwaarloos mag word nie, maar neem dit kwalik dat die Engelse pers en „sommige persone” hulle eie uitleg aan Swanepoel se woorde gegee het en sodoende onmin geskep het. Dit is weer die „ou storie”, nl. om jou slagoffer aan die een kant skrik te maak sodat hy

23) D.H.: t.a.p.

24) D.H.: Febr. 1921.

in die sloot aan die anderkant val, besluit D.H.

D.H. verleen prominensie aan verslag van 'n ondersoek na Afrikaans as medium van onderwys deur C.H. Schmidt uitgevoer aan die U.S. in 1919.<sup>25)</sup> Schmidt voer sekere toetse uit om uit te vind in watter taal die Afrikaanse leerling die vinnigste dink en die minste foute maak. Die toetse, wat interessant is en waarop ons ongelukkig hier nie kan ingaan nie, bewys dat die moedertaal die medium van onderwys moet wees. Die Afrikaanse kind skryf ewe maklik in Afrikaans en Engels, maar nie in Nederlands nie. Die ontwikkeling van die leerling word belemmer deur gebruik te maak van 'n vreemde taal as medium - selfs Nederlands. Schmidt haal die woorde aan van 'n sekere Wyatt : „ Such children show a retardation of more than a year as regards range of English vocabular<sup>l</sup>y, and since they are being educated through the English medium, they are considerably handicapped, and their general development must suffer accordingly. They never catch up to the English-speaking children”. Schmidt stuur vraelyste aan onderwysers, waarop een as volg antwoord :<sup>26)</sup> „Praat met die gewone kind Engels of Nederlands, en hy sit jou aan te staar soos 'n buffel. Praat Afrikaans, en sy oë flikker soos die van 'n slang”. 'n Ander onderwyser skryf : „ Praat met die kinders Engels, en hulle is dooierig, gevoelloos; praat Nederlands, dan word hulle so 'n bietjie wakker; maar praat Afrikaans, dan glinster hulle oë”. D.H. deel die standpunt van Schmidt. Doeltreffende onderwys kan alleen in die volkstaal geskied. Die posisie van Afrikaans aan die U.S. verbeter geleidelik. „Die U.S. is al grotendeels verafrikaans. Maar geldelike hulp is nodig vir uitbreiding. „Wat beteken al die praat oor nasionalisme en volk en taal, as Stellenbosch gebrek moet ly ? Stellenbosch is u universiteit !” roep D.H. uit in Julie 1920.

Die werksaamhede van die S.A.O.U. word aandagtig deur D.H. gevolg. Op 8 April 1920 vergader hierdie onderwysers-unie om die posisie van Afrikaans op die skole te bespreek. Afrikaans word in die opleidingskole verwaarloos,

25) D.H. : Junie 1920 : C.H. Schmidt : „Onderzoek na die waarde van Afrikaans....”

26) D.H. : Julie 1920 : Tweede deel van Schmidt se artikel.

en daar is 'n gebrek aan geskikte skoolboeke. Verdere sake wat aandag geniet is die onsimpatieke houding van party inspekteurs teenoor Afrikaans, die onvastheid van die Afrikaanse spelling, en die noodsaaklikheid om Afrikaans as voertaal dwarsdeur die skool in te voer. D.H. van April 1920 verklaar dat so 'n kongres van Afrikaanse onderwysers net die „regte ding” is. Daar is nou nie meer sprake van halwe maatreëls en „kompromisse” nie. Die besliste houding van die onderwysers het nou bewys dat die erkenning van Afrikaans werklik „'n saak van erns” geword het, en dat die Afrikaner hom nie langer „by die neus wil laat lei deur blinde leidsliede nie”.

In Maart 1921 lees ons in D.H. dat prof. Smith, as lid van die Boekekommissie van die Kaapse Onderwysdepartement op die kongres van die S.A.O.U. in Desember 1921 aanwesig was. Daar het hy 'n padlangse oordeeluitgespreek oor 'n grammatikaboekie van J.W. van Lint, as gevolg waarvan hy van „Hollanderhaat” beskuldig word. Aanhalings uit Van Lint se boekie word in D.H. gegee om sy onbevoegdheid te toon.

Dit blyk uit D.H. van Maart 1922 dat die Onderwysgaset van die Kaap-provinsie sy lesers gevra het om hul menings uit te spreek oor die moontlike vervanging van Nederlands deur Afrikaans. Omdat net 7% persent van die lesers ten gunste van Afrikaans was, sou die gaset nog steeds in Nederlands en Engels gedruk word. D.H. meen dat die 7% „eenvoudig belaglik” is. Die Afrikaner is „ongeneig” om 'n bietjie moeite in sulke sake te doen. Die oorgrote meerderheid van Afrikaanse onderwysers sal wel Afrikaans verkies. 'n Jaar later, nl. in Maart 1923, kan D.H. egter met genoeg verklaar dat die onderwysgaset na Afrikaans oorgeslaan het a.g.v. die optrede van die S.A.O.U. wat 'n stemming oor die saak gehou het.

In D.H. verskyn daar gedurig brokkies nuus i.v.m. die bevordering van Afrikaans in die onderwys, te veel om in die kort bestek van hierdie skripsie te noem. Opsommend kan daar gesê word dat D.H. onderrig d.m.v. die moedertaal voorstaan. Ouers moet nie toegelaat word om die medium van onderwys te kies nie, want daar is nog baie ouers wat uit onkunde of vooroordeel hul kinders na Engelsmediumskole stuur, en „dit werk natuurlik op die duur die

die agterstelling van ons taal in die hand".<sup>27)</sup> D.H. is nie ten gunste van dubbelmediumskole nie, en verwelkom die feit dat hulle „eerlang tot die verlede" sal behoort.<sup>28)</sup> Artikels oor die geskiedenis van die onderwysmedium word in D.H. opgeneem. So verskyn daar bv. in Junie 1922 'n artikel oor die Volksskool te Graaff-Reinet, die eerste hoërskool in die Kaapprovinsie met Afrikaans as voertaal tot by St.X. Selfs die Hoër Meisieskool wat tot ongeveer 1920 Engelsmedium was, het soggens gesing : „What shall we do for England ?"; en as die kinders hul moedertaal gebruik het, moes hulle 'n plankie dra met die woord „Donkey" daarop geskryf. Selfs „Boereskole" buite die grense van die Unie kom onder die aandag van D.H.<sup>29)</sup>

Die skoolkinders self kom in aanraking met D.H. In Augustus 1920 meld die redakteur met genoë dat sy tydskrif alreeds in baie skoolbiblioteke en klaskemers 'n „ou bekende" is. Daarom wil die blad bewus-opvoedkundig wees. Die Afrikaanse taal en kultuur moet deur D.H. bestendig word en 'n hoë peil deurgaans gehandhaaf word. D.H. wil gesonde, opbouende leesstof vir die jeug verskaf. In die afdeling vir kinders „Die Afrikaanse Kinderwêreld" verskyn daar in September 1921 'n gedig van 16 versies deur „Oom Daan" op die patroon van „Oom Jan wat versies maak". Die eerste paar reëls, wat heel naïef is, lui :

„Ons is so bly, ons is so bly,  
Ons het ons taal op skool gekry".

Op grappige wyse word die toestand op skool beskryf met „twee vreemde tale op ons brein / waar ons vir een was nog te klein" :

„Ons was so stil, stil, by my kool -  
gedorie waar in eie skool -  
van onse taal beroof".

Hierdie gedig is veronderstel om deur 'n spreekkoor van kinders voorgedra te word.

Uit die voorgaande is dit dus duidelik dat D.H. met gesdrif en intense belangstelling in die stryd om die erkenning van Afrikaans in die onderwys opgegaan het. Waar kritiek soms nodig is, word niks of niemand ontsien nie.

27) D.H. : Junie 1922.

28) D.H. : Oktober 1922.

29) D.H. : Januarie 1923.

D.H. gee gedurig raad en aanmoediging vir die taalstryders, en vermaan hulle dikwels om nie in die stryd te verslap nie.

(c) Afrikaans in Regerende Liggame

Kragtens Artikel 137 van die Uniegrondwet wat op 31 Mei 1910 in werking getree het, word Hollands as offisiële landstaal naas Engels erken. In die praktyk kom daar egter min van hierdie gelykheidsbeginsel tereg. Op 6 Maart 1905 verklaar J.H. Hofmeyr op Stellenbosch dat die taalgelykheid „altijd min of meer 'n fiktie (was) en is zulks nu nog meer dan ooit”.<sup>30)</sup> Vanaf 1911 word groter geesdrif deur die taalstryders aan die dag gelê. Persone soos dr. N.J. van der Merwe, en prof. Moorrees roep die Stellenbosse studente op tot aksie. „Wat ons toegeken is, beteken niks als ons dit nie gebruik nie”.<sup>31)</sup> Aangespoor deur Langenhoven se pleidooi vir Afrikaans, besluit die A.T.V.-kongres op Stellenbosch (24 - 25 Julie 1914) om die regering te versoek om Artikel 137 so te wysig dat onder die woord „Hollands” Afrikaans sowel as Nederlands verstaan sou word. In Maart 1918 dien J.H.H. de Waal 'n voorstel in die Volksraad in dat Afrikaans onder „Hollands” in Artikel 137 ingesluit moet word. Sy voorstel word in geamendeerde vorm aangeneem, nl. dat Afrikaans as offisiële taal <sup>by</sup> „Hollands” inbegrepe is, behalwe in gevalle van wetsontwerpe, wette en offisiële dokumente van die Parlement waar net die vereenvoudigde vorm van Nederlands gebesig mag word. Op voorstel van dr. D.F. Malan word hierdie saak weer op 18 Februarie 1925 in die Volksraad aanhangig gemaak, en na lange beraadslaging word daar op 8 Mei 1925 op 'n gesamentlike sitting van die Volksraad en Senaat besluit dat Afrikaans ook vir alle wetsdoeleindes erken word. So word Afrikaans naas Engels uiteindelik tot offisiële landstaal van Suid-Afrika verklaar.

Die stryd om die offisiële erkenning van Afrikaans deur die staat word soos ons kan verwag getrou deur D.H. van 1916 tot 1923 weergegee. D.H. let nie alleen aandagtig op na die vordering van Afrikaans in die Regering

30) Pienaar : Die Tr.v.Afr. : bl.247.

31) Idem : bl.324.

en die staatsdiens nie, maar vestig die lesers se aandag ook op die posisie van hulle taal in plaaslike besture, bv. die Provinsiale Rade en Stadsrade.

(i) Regering en Staatsdiens

Reeds in Julie 1916 verskyn daar 'n kort berig in „Taalnuws en Opmerkings” in D.H. oor die gebruik van Afrikaans in die staatsdiens. Die regering het, naamlik, aan sy amptenare die reg gegee om nie alleen briewe wat in Afrikaans geskryf is in dié taal te beantwoord nie, maar om ook self regeringskorrespondensie in Afrikaans te voer.

Na aanleiding van die wetsontwerp waardeur offisiële status aan Afrikaans verleen word, skryf D.H. in April 1918 : „'n Wonderlike ding is gebeur”. Die optrede van persone soos adv. J.H.H. de Waal wat die mosie ingedien het, word hoog op prys gestel. Die Huis het byna eenparig daarvoor gestem „wat inderdaad as 'n verrassing en verkwikking kom nadat ons al so gewoon geraak het om niks anders as beledigende aanmerkinge omtrent ons taal te hoor. Ja, die tye verander”, verklaar D.H. met blydskap. Afrikaans mag vir alle offisiële stukke gebruik word, behalwe vir wette en ander offisiële dokumente van die Parlement self.

D.H. is ontevrede oor hierdie laaste bepaling in die betrokke wetsontwerp. Dit is betreurenswaardig en tewens onsinnig. Afrikaans sou dan „nog te onvas en te weinig vormelik” wees, skryf D.H. in Oktober 1918. Die owerhede vrees dat die wette „onverstaanbaar sal wees in so 'n kersvers Afrikaans ! Asof ons treurige wetstaal van vandag altyd verstaanbaar en vormelik was !” roep D.H. met verontwaardiging uit. Ook in hierdie nommer van die blad word die aandag gevestig op die uitlatinge van dr. H. Bodenstein, professor in Romeins-Hollandse Reg aan die Universiteit van Amsterdam. Hy sou dit verwelkom as „die allertreurigste wette-Hollands” van die S.A. Parlement deur Afrikaans vervang word. Afrikaans kan ook, verder, vir die bespreking van die mees ingewikkelde regsprobleme in universiteitslesings gebruik word.

In Januarie 1919 skryf die redaksie van D.H. 'n lang artikel onder die opskrif : „Is Afrikaans as offisiële taal onwettig ?” 'n Sekere regsgeleerde, Melius de Villiers, het verklaar dat dit onwettig was om Artikel 137 te verander sonder inagneming van sekere formaliteite soos deur die Grondwet voorgeskryf. As die wettigheid van Afrikaans in twyfel getrek word, moet die saak dadelik in die rene gebring word, skryf D.H. Die hele probleem hang af van die betekenis van die woord „Hollands” in Art. 137. „Hollands” het nog altyd in S.A. die Afrikaanse spreektaal ingesluit. As dit nie so is nie, dan het die parlamentslede in hul toesprake dikwels die wet oortree. Maar word daar onder „Hollands” ook die Afrikaanse skryftaal verstaan ? vra D.H. wat hierop bevestigend sou wil antwoord. Maar daar is nog persone soos Melius de Villiers wat meen dat Afrikaans 'n dialek is, en daarom nie as parlementstaal erken kan word nie. Die Afrikaanse volk, en ook die S.A. Akademie, dink anders daaroor. „Hollands” word deur hulle in 'n ruime sin gebruik. Die argument dat die gebruik van Afrikaans in offisiële stukke en in die Kerk onwettig is, „is dan ook waarskynlik die laaste klip wat uit die pad moet gerol word”. Die Afrikaanse taal is 'n bindende faktor selfs onder die lede van verskillende politieke partye. „Artikel 137 is die vryheidsoktrooi van alle Hollands-sprekende Afrikaners”, verklaar D.H. in Maart 1919. Die Afrikaner moet voortgaan om te veg vir die erkenning van Afrikaans in publieke kantore en in die wetgewing.

In Oktober 1919 kom D.H. weer terug op Melius de Villiers se standpunt teenoor Afrikaans. Volgens hom sou die offisiële erkenning van Afrikaans die gemiddelde Europeër se wanopvattinge oor S.A. sterk, nl. dat die Afrikanervolk 'n „bastervolk” sou wees wat uit „vermenging” ontstaan het. Met diepste veragting verwerp D.H. die argument van de Villiers, en skryf verder : „Wat die bevooroordeelde en onkundige Europeaan van ons dink, skeel ons minder, solank as ons maar self bekend is met die waarheid en oortuig is van die goeie reg van ons saak”.

D.H. let noukeurig op na die gebruik van Hollands en Afrikaans in regeringsdokumente. Na aanleiding van die Onderwysrapport van 1917, skryf D.H. in Oktober 1919 dat die Hollandse uitgawes van soortgelyke dokumente

altyd vertalings van die Engelse oorspronklike is. Dit is verstaanbaar dat 'n Engelssprekende staatsamptenaar die dokument in Engels sou opstel, „maar waarom moet die vele Afrikaners in ons Regering en in ons Siviele Diens dit ook doen ?” vra D.H. „Kan hul dan tog nie besef dat hul dit aan hul volk en aan hulself verskuldig is om ons taal ook hier tot sy regte te laat kom nie ? Of is hul tevrede om altyd onmondiges, minderwaardiges, slawe te bly ?” vra D.H., besorg oor die onverskillige houding en valse gerustheid van die Afrikaanse amptenare. Die Afrikaanse vertaling van die „blouboek” is, boonop, dikwels „uiters gebrekkig”, sodat die leser daarvan meermale die Engelse uitgawe moet lees om volkome helderheid te verkry. Verder is dit ook glad nie ongewoon dat die Engelse blouboek al weke of selfs maande in omloop is voordat die Hollandse uitgawe verskyn. Gevolglik koop almal maar dadelik die Engelse blouboek, sodat, as die vertaling eindelik klaar is, daar nie meer aanvraag daarvoor is nie. Die gevare wat aan so 'n toestand verbonde is, is duidelik. Volgens D.H. beteken dit „net één ding - die stadige maar gewisse uitroeiing van ons taal. En ons ? Ons is doodtevrede, solank as ons maar goeie salarisse trek of ons produkte duur verkoop”.

Dat Afrikaans nog nie sy regmatige plek in die Staatsdiens bekleed nie, blyk uit „Ons Taal”, 'n deel van 'n lesing deur dr. J.P. van Zijl, wat in Desember 1919 in D.H. verskyn. Hy verklaar : „Ek glo nie ek maak mij aan oordriewing skuldig nie as ek sê Afrikaans te wil praat in die besigheid of met amptenare van die Staatsdiens is dikwels sinoniem met rusiemaak”.

In Februarie 1921 vind D.H. dit weer nodig om sy lesers aan te spoor om die Hollandse uitgawes van die regeringsblouboeke te koop. Dit is die „plig” van die Afrikaner om dit te doen en om sodoende te toon dat dit wel deeglik gewaardeer word. Net 'n geringe aantal van die Hollandse eksemplare van die Offisiële Jaarboek word verkoop. Die posisie is nog van so 'n aard dat „selfs Afrikaanse lesers.... tevrede (is), ja verkies, om die Engelse uitgawe te koop”. D.H. gee toe dat die Hollands wat in die blouboeke gebruik word weliswaar dikwels van so 'n aard is dat 'n

Afrikaner „werklik meer moeite het om die Hollandse vertaling te verstaan as die Engelse origineel.” As daar foute en gebreke is, moet die Afrikaner dan sy klagtes behoorlik indien, en as daar dan nie reaksie intree nie, „laat ons dan spook”. Die Afrikaanse taal loop gevaar om langsaam hand uit amptelike sake verdring te word, en dit sal gebeur as die Hollandse blouboeke nie die nodige steun kry nie.

In April 1922 skryf D.H. dat Rhodesië moontlik by die Unie ingelyf sou word. Dadelik vra die blad wat in dié geval met die Afrikaanse taal sou gebeur in „Rhodesië, die pynbank vir die Hollands-Afrikaanse taal”. Artikel 137 van die Uniegrondwet sou dan ook daar van toepassing moet wees.

Met die gebruik van Afrikaans in die staatsdiens vorder dit baie langsam, volgens D.H. van September 1922. As dit wel gebruik word, word daar nie die minste ag gegee aan 'n behoorlike taalvorm nie. „Offisiële Nederlands is 'n afskuwelikheid”. Dit is „miserabel sleg”, maar offisiële Afrikaans is nie veel beter nie.

In Julie 1923 maak D.H. bekend dat die debatte van die Volksraad weer vanaf die volgende jaar in „Hansard” sou verskyn. Ten opsigte hiervan het dr. D.F. Malan in die Volksraad gevra of die Regering van plan was om toe te laat dat die toesprake wat in Afrikaans afgesteek word ook in dié taal in „Hansard” opgeneem word, - of sou hulle in Hoog-Hollands verskyn? Die Eerste Minister het die versekering gegee dat daar niks sou wees wat die opname van toesprake in Afrikaans sou verhinder nie. Afrikaans sou, derhalwe, in „Hansard” gebruik word. D.H. skryf hierby dat geen Afrikaner hom meer uitsluitend van Hoog-Hollands in die Volksraad bedien nie. Af en toe, „by wyse van oefening”, word dit soms gebruik. D.H. spreek die hoop uit dat die Speaker van toe af aan ook Afrikaans sou gebruik. Die verslae van die komitees sou miskien ook vanaf 1924 in Afrikaans verskyn. As daar reeds so ver gevorder is, sou die parlamentslede self voel dat die gebruik van Nederlands vir wetsontwerpe „'n argaïstiese ongerymdheid” sou wees. Die wetsontwerpe moet in Afrikaans opgestel word.

Die verwesenlik<sup>ing</sup> van hierdie ideaal word nie deur D.H. as maandblad meegemaak nie. Eers in 1925 word Afrikaans as een van die offisiële landstale erken, en mag dit dus ook binne die Parlement self gebruik word. D.H. het, egter, vanaf 1916 tot 1923 seer sekerlik veel gedoen om sy lesers te oortuig dat Afrikaans in die Regering en dwarsdeur die Staatsdiens tot sy reg moet kom. Die lesers word gedurig tot die stryd opgeroep en aangewakker. Die uiteindelijke oorwinning van Afrikaans in die hoogste regerende liggame van die land is die doel wat deur D.H. voor oë gehou word.

(ii) Plaaslike Besture

D.H. stel ook belang in die vordering wat die Afrikaanse taal in plaaslike besture maak, soos byvoorbeeld die Provinsiale Rade en Stadsrade :

Provinsiale Rade :

In Mei 1922 skryf D.H. dat die Provinsiale Raad van die Oranje-Vrystaat kort tevore besluit het dat alle offisiële stukke voortaan in Afrikaans, i.p.v. Nederlands, en in Engels opgestel sou word. Dit is 'n „baie gewigtige stap vorentoe”, verklaar D.H. wat, derhalwe, glo dat die volkome oorwinning van Afrikaans op elke gebied „nie meer alte ver af in die toekoms lê nie.” Die handelwyse van die O.V.S. sou wys hoe ongegrond party bewerings oor Afrikaans was, nl. dat dit onontwikkeld was en ongeskik om vir die wette en offisiële dokumente van regeringsliggame gebruik te word. D.H. spreek die hoop uit dat ander Provinsiale Rade die goeie voorbeeld van die O.V.S. sou volg.

Maar ander Provinsiale Rade is nie so eengesind oor Afrikaans nie. In Augustus 1923 lees ons in D.H. : „Die Provinsiale Raad van Natal skyn 'n baie hoë dunk van homself te hê : hy dink hy kan die see keer ! Op 14 Junie l.l. het hy besluit dat Afrikaans totaal ongeskik is vir ordonansies en wette.” „Hoe onkundiger, hoe brutaler !” is die verontwaardigde

kommentaar van die blad. Op 'n sarkastiese wyse spreek D.H. die hoop uit dat die Raad op ander gebiede met wysheid handel, anders sou sy wetgewing nogal „gevaarlik” kon word. „Dit is die grootste onheil vir die mensdom, sê Goethe, as die onwetendheid aktief word”, besluit D.H.

In September 1923 skryf D.H. dat Afrikaans reeds in twee provinsies tot sy reg gekom het, nl. in Transvaal en die O.V.S. Met die jongste sitting van die Kaapse Provinsiale Raad het die Administrateur probeer om die nodige wetgewing in te dien waardeur Afrikaans ook in plaaslike besture erken sou word. Maar dit is verongeluk deur lede wat onnodige geldverkwisting voorspel het. Na aanleiding hiervan verklaar D.H.: „Vir geen oomblik gaan die Afrikaanssprekende bevolking van die Kaapprovinsie dit duld dat met sy taalregte op dié wyse omgesprong word nie.” Die Afrikaner-volk gaan hom nie langer laat bespot nie : „Dit is ons erns, ons wil ons regte hê, en niks sal meer tot die rus en vrede in die land bydra nie as die getroue nalewing van Artiekel 137”. Die Administrateur, daarenteen, is 'n vérsiende staatsman wat besef dat dit net so onmoontlik is om die stroom te keer „as wat dit vir die styfhoofdige maar ondernemende ou Engelse koning Kanoet onmoontlik was om die vloed van die see met 'n besem terug te vee,” skryf D.H.

#### Stadsrade :

D.H. volg die aanstelling van stadsraadslede met belangstelling. In Maart 1922 meld D.H. dat 'n eentalige Assisent-Stadsklerk vir die Bloemfonteinse Stadsraad benoem is, alhoewel die Burgemeester hom duidelik ten gunste van tweetaligheid verklaar het. Aangesien die Stadsklerk ook eentalig is, beteken dit volgens D.H. dat die twee hoofklerke van die hoofstad van die Vrystaat onmagtig is om Afrikaans te gebruik !

In Oktober 1922, egter, het D.H. groot rede tot blydschap. 'n Afrikaansspekende, A.J. Verster, is tot burgemeester van Kaapstad gekies ! Hierby word daar gemeld dat Dze Burger by sy benoeming die hoop uitgespreek het dat die Hollandse taal in munisipale aangeleenthede in die ou stad van Jan van Riebeeck gedurende die ampstermyn van Mnr. Verster tot sy reg sou kom, Die Engelse pers was „woedend oor hierdie voorbarigheid” van Dze

Burger, en het dit as 'n aanwakkering van rassehaat beskou. „Sover is ons nou al gevorder met ons unifikasie, amalgamasie, rekonsiliasie en minagting van die regte van ons eie nasie”, is die ironiese kommentaar van D.H. hierop.

Dat D.H. ook 'n belangrike deel bygedra het tot die bevordering van Afrikaans in plaaslike besture, is dus duidelik. Ongelykheid op hierdie gebied sal nie deur D.H. geduld word nie.

### H O O F S T U K 3

#### Taalkwessies in Die Huisgenoot

##### (a) Taalvrae, spel- en taalreëls

Die Huisgenoot is 'n tydskrif wat strewende om die ontwikkeling van die Afrikaanse taal te bevorder.<sup>1)</sup> Daar word ernstig getrag om Afrikaans suiwer en idiomaties te gebruik. Soos ons reeds aangetoon het, was die redakteur, prof. Smith, 'n taalkundige van groot aansien wat geen moeite ontsien het om taalsake deeglik uit te pluïfs nie. Met deursettingsvermoë het hy gedurig gearbei om 'n korrekte, maar natuurlike Afrikaanse skryftaal daar te stel.

D.H. was daarvan bewus dat die lesers moeilikhede i.v.m. die skryftaal ondervind het, en daar word in Februarie 1917 'n rubriek „Taalvrae en Antwoorde” ingestel „waarin ons soveel moontlik wil probeer om moeilikhede in verband met die Afrikaanse skryftaal te bespreek”. As maatstaf gebruik D.H. die reëls van die S.A. Akademie (waarvan Smith 'n lid was), maar hulle word krities toegepas. D.H. nooi sy lesers uit om vrae en opmerkings vir hierdie taalrubriek in te stuur.

Dit is onmoontlik om al die taalvrae wat vanaf 1917 in D.H. voorkom in hierdie skripsie op te noem. Daarom sal ons net die belangrikste bespreek. Een van die eerste vrae gaan oor die vorm van die eerste persoon van die persoonlike voornaamwoord :<sup>2)</sup> Moet dit ek of ik wees ? Na aanleiding van hierdie vraag ontstaan daar in die daaropvolgende nommers van D.H. 'n hewige korrespondensie. „Ons kan dit ook nie oplos nie”, skryf D.H. in Februarie. Dit is een van die „lastige” vrae wat die taalkundiges vanaf die begin van die Beweging besig hou. Maar Smith probeer tog om die

1) D.H. : Mei 1916.

2) D.H. : Febr. 1917.

voor- en nadele teen mekaar op te weeg. Hy ondersoek die werk van Afrikaanse skrywers soos Jan Celliers, Totius, D.F. Malherbe, J.H. de Waal, S.J. du Toit, dr. O'Kulis en G.S. Preller, as gevolg waarvan hy tot die gevolgtrekking kom dat die ek-skrywers nie negeer kan word nie. Alhoewel ek die mees gebruiklike vorm skyn te wees, sal D.H. voortgaan om ik te gebruik „tot tyd en wyl dat dit duidelik word, dat die vorm ek die oorhand het”, skryf die redakteur.

Hierna stroom die briewe in. In Oktober 1917 skryf J.S. dat ek die „enigste ware Afrikaanse vorm is”. Hierop antwoord D.H. dat hulle geen „besondere liefde of afskuw” vir ek of ik het nie. Die Gereformeerde Kerk het besluit om ik in die Bybelvertaling te gebruik, en in die distrik Sutherland is ik die sterkbeklemdede vorm. Die Afrikaners praat, bowendien, nooit van „die eie ek” nie.

As die betrokke rubriek weer in Desember 1917 verskyn, is die titel daarvan „Taalvrae Korrespondensie”, wat veelseggend is. J.H. de Waal sê dat die ik-vorm beslis onafrikaans is : „Alleen iemand die moedswillig doof is, kan soiets beweer”. Om sy argument te staaf, haal hy die woorde aan van dr. D.F. Malan in sy pamflet „Het is ons Ernst” : „Het veelgewraakte Afrikaanse woordje ek was eens hoog in eer toen de onderdaan van Karel de Grote bij het doopbekken belijdenis deed in de plechtige kerkelike taal.... en zeide : ec forsacho diabole”.<sup>3)</sup> Verder skryf de Waal dat as 'n mens 'n skoolkind moet afleer om ek te gebruik, hy onbewus ook sal leer om op sy eie taal neer te sien. Die neiging om „egte, ongekunstelde Afrikaans te beskouw als laag .... het meer bygedra om die Wenderbaail's en Maaiburk's te skeep als enig ander faktor”. Ook dr. D.B. Bosman skryf in hierdie nommer van D.H. om vir die ek-vorm te pleit. D.H. herhaal dat dit konserwatief gaan optree totdat daar genoegsaam bewys is dat die meerderheid van die lesers voorkeur gee aan die ek-vorm in die skryftaal.

'n Baie ontevrede korrespondent „J.S.” kla in Januarie 1918 : „Nou seg u ons die les voor (deur mag van voorbeeld) dat ons ik moet besig”. Na aanleiding van die stelling van D.H. dat geen Afrikaner van „die eie  
3) „Ek versaak die duiwel”.

ek" praat nie, skryf „J.S." dat hy by baie fatsoenlike Afrikaners dit wel gehoor het, maar „miskien hoort hulle by die agterdeur !" Volgens D.H. word ik in Sutherland gebruik : „Die Sutherland moet 'n eienaardige plek wees op Afrikaanse bodem. Ek is ook begerig om meer van die plek te hoor". Oor ik in die Bybelvertaling laat die betrokke korrespondent hom as volg uit : „Ik in die Afrikaanse Bybel sal hom gevoel soos die swaan van dr. O'Kulis onder die pluimvee". Is die Bybel dan miskien „bedoeld om 'n mislukking te wees ?" In hierdie nommer kla A.I. Perold van Stellenbosch dat die redakteur van D.H. die vorm ek orals in 'n sekere artikel van hom in dié tydskryf deur ik vervang het. „Ek haat daardie ik", roep hy met nadruk uit. As gevolg van die veranderinge aangebring kan hy nouliks sy eie artikel herken ! Hy raai die redakteur aan om voortaan self die vorm ek te gebruik.

Smith het die lesers uitgenooi om hulle menings bekend te maak, en die uitnodiging is inderdaad, met gretigheid aangeneem ! Die reaksie is soms fel en kwaai, soos ons aangetoon het. Maar dit bewys net dat die lesers wakker is en dat hulle groot waarde heg aan die Afrikaanse taalvorm soos deur D.H. gebruik.

D.H. verkies „om aan die konserwatiewe kant te sondig", <sup>4)</sup> alhoewel hulle moet erken dat daar min ondersteuners van ik is. In Februarie 1918 is daar tog iemand wat vir die ik-vorm pleit, nl. dr. O'Kulis. Dit lyk asof die redakteur teen dié tyd van sienswyse begin verander, want D.H. verklaar nou dat dit tog wil voorkom asof ek die gewone beklemtoonde uitspraak is volgens taalgeleerdes soos D.F. Malherbe, dr. T.H. le Roux, en dr. D.B. Bosman. „Sulke getuienis is nie weg te syfer nie". D.H. wil, net soos dr. O'Kulis, „so na moontlik aan Hollands bly", maar net vir sover dit ooreenkom met die Afrikaanse uitspraak.

Die ek-ik-vraagstuk word selfs in die „Korsies van Pasteie" weerspieël !

Twee onderwysers stry oor hierdie saak. Een van hulle verklaar : „Ek skryf/<sup>Afrikaans</sup> net soals ek dit praat, en ek sê altyd ek". „Dit mag so wees", antwoord die ander, „maar ek sê altyd ik". <sup>5)</sup>

4) D.H. : Jan. 1918.

5) D.H. : Febr. 1918.

„Van die tyd dat daar briewe in Die Huisgenoot verskyn het oor die spelling van ek, ens., het dit as 'n tydskrif dadelik 'n belangrike rol begin te speel. Dit was vir mij dan toe ook 'n blad wat ek baie graag ontvang en gelees het”, skryf J.J. Strasheim in die taalrubriek in Mei 1918, en ons kan sekerlik konstateer dat dit ook die mening was van 'n groot deel van die leserskring van D.H. In hierdie maand maak die redakteur bekend dat die korrespondensie oor die ek-kwessie afgesluit is, en 'n korrespondensie oor taalvrae verskyn nie weer in D.H. tot Januarie 1920 nie. Meldenswaardig nog is die briewe van D.F. Malherbe en I.W. van Tonder in Mei 1918. Hulle pleit vir die ek-vorm, terwyl 'n ander korrespondent, ds. P. Boshoff, daarteen is. Uit die antwoord van die redakteur kan daar afgelei word dat hy nou ten gunste van ek is. Ook die artikeltjie wat ons reeds vroeër bespreek het, „Die ouderdom van ,ek'” wys hierop.

In die tydperk Februarie 1917 tot Mei 1918 waarin „taalvrae-korrespondensie” in D.H. verskyn, draai die grootste deel van die besprekings om die ik-ek-vraagstuk. Maar daar is ook ander sake waarmee die lesers moeilikheid ondervind.

Die tweede persoonsvorm van die persoonlike voornaamwoord word in Januarie 1918 in D.H. bespreek. 'n Korrespondent M.Uys bepleit die afskaffing van die vorm u wat hy deur jy wil vervang. Gij moet as aanspreekvorm vir die Opperwese gebruik word. 'n Ander korrespondent skryf in Februarie 1918 dat u behou moet word by die aanspreek van 'n ouer persoon of 'n meerdere, en dat gij en u as aanspreekvorms in gebede gebruik moet word. In Mei 1918 skryf 'n predikant dat dit onmoontlik is om u i.p.v. gij te gebruik. Die redakteur erken dat dit 'n moeilike vraagstuk is, maar hy is nie ten gunste van gij nie. Die vierde naamval van gij is in elk geval u. Daarom is dit wenslik dat u behou word.

Daar bestaan onsekerheid oor die vorm van die besittlike voornaamwoord, soos blyk uit vraag 9 in „Taalvrae” van April 1917. Moet die vorms mij of mijn, sij of sijn wees? Die redakteur is ten gunste van die vorms sonder -n. Hierdie vorms word ook verkies deur E.C. Bruwer wat in Januarie 1918 daaroor skryf.

Die spelling van die woord baie kom ter sprake reeds by die tweede verskyning van die taalrubriek, nl. April 1917. Die redakteur verduidelik dat daar volgens die Akademie-reëls twee vorms erken word, nl. baing en baje. Maar hy maak beswaar teen dié vorms., Dit is moeilik om 'n finale uitspraak insake die spelling daarvan te lewer, aangesien dié woord reeds op 26 verskillende maniere gespel is. Hy betreur dit nietemin dat die Akademie nie die vorm baie erken het nie. D.H. gebruik intussen die vorm baing.

In Junie 1917 word die spelling van die woord bietjie bespreek. Biekie naas bietjie moet erken word, skryf 'n korrespondent. I.W. van Tonder skryf in Mei 1918 dat dr. O'Kulis die spelling biekie gebruik <sup>6)</sup> in sy brief, 'n vorm wat hy blykbaar goedkeur. Maar Smith is nie vir dié vorm te vinde nie, alhoewel die Akademie dit as 'n minder gebruiklike spelling naas bietjie erken.

Die woorde toe / toen, na / naar en as / als besorg 'n hele aantal lesers van D.H. hoofbrekens. In antwoord op 'n vraag skryf Smith in Oktober 1917 dat D.H. eers probeer het om die onderskeid tussen die voegwoord en te bywoord te handhaaf, maar dit het net onnodige moeite gegee. Daarom word daar in alle gevalle net een vorm gebruik, nl. toe

Die volgende vraag in Oktober 1917 handel oor na en naar. D.H. raai sy lesers aan om die onderskeid, soos in Nederlands, tussen die twee vorms te behou. Maar daar is talle lesers wat net ten gunste van een vorm, na is, nl. dr. D.B. Bosman, wat in Desember 1917 skryf, M. Uys en E.C. Bruwer - Januarie 1918, H.G. Viljoen, H. Potgieter, dr. D.F. du Toit - Februarie 1918, en J. Strasheim, S. Ferreira, en I.W. van Tonder - Mei 1918. Al hierdie korrespondenté (behalwe Viljoen wat dit nie noem nie) is ook ten gunste van as i.p.v. als.

Die spelling ou of ouw in woorde soos blou en gou word in April 1917 bespreek. Volgens die Akademie moet die -w in alle gevalle behou word.

6) D.H. : Febr. 1918.

Smith betreur dit. Die Afrikaner moet, gevolglik, eers die Hollandse spelreëls ken voordat hy sy eie taal kan skryf ! Smith sou graag wil sien dat die Akademie net een spelling, nl. -ou erken, sodat daar nie meer onderskeid tussen jou (persoonlik) en jouw (besitlik) gemaak moet word nie.

Ander taalsake wat in D.H. aangeroeer word, is o.a. die spelling van g'n - Februarie en Oktober 1917, die i-klank in woorde soos familie, posisie - Junie 1917, die intervokaliëse g - Oktober 1917, en die wisseling van vokaal in woorde soos bring / brenge en dink / denk.

D.H. vra sy lesers gedurig om hul menings bekend te maak. „En ons is ook heel gereed om dié vorms in Die Huisgenoot aan te neem, als dit ons maar duidelik word dat die meerderheid van ons lesers en lesersse dié verkies”, skryf die redakteur in Desember 1917.

In Julie en Augustus 1918 verskyn daar onder die opskrif „Taalvrae” 'n artikel „Purisme” deur dr. J.D. Schonken. Die taal moet suiwer gehou word, maar dit moenie „tot dwaasheid toe” oordryf word nie. Net as daar twee woorde met presies dieselfde betekenis is, één vreemde en één eie, dan kan die vreemde woord verban word.

In September en November 1918 verskyn die rubriek „Taalvrae” nog, en bevat onderskeidelik artikels van D.F. du T. Malherbe en „W.E.M.” wat elders in dié skripsie ter sprake kom.

In November 1919 skryf „J.P.” oor „Ons Spelreëls”. Die doel van sy artikel is om die aandag van die taalkundiges te vestig op sekere taalsake waarvoor daar nog verskil van mening is. Afrikaans is nog nie uit sy groeiperiode nie, en derhalwe is dit nie wenslik om reeds vaste reëls neer te lê nie. Die opgevoede Afrikaner moet nog verder „gepols” word, veral deur besprekinge in die tydskrifte uit te lok. Graag sou hy sien dat D.H. gereeld 'n paar bladsye vir sulke besprekinge afstaan. Daarna doen „J.P.” 'n paar voorstelle aan die hand. : Die toonlose v moet uitgeskakel word in woorde soos bouw, vrouw, en jouw (besitlik). Die v moet deur f vervang word - dus flees (vlees), fraag (vraag), fat (vat).

„J.P.” wil hê dat daar sekerheid moet wees omtrent „ingevoerde” woorde. Wanneer kan so 'n woord as genoegsaam verafrikaans beskou word „om op sij Afrikaans gespel te mag word ?” Hy wys ook daarop dat daar sekere woorde is wat dikwels deur Afrikaners gebruik word, maar wat geen reg het om in die Afrikaanse woordeskat opgeneem te word nie. So 'n woord is auntie i.p.v. tante. Die redakteur van D.H. is hartlik eers met „J.P.” se houding t.o.v. hierdie „indringer” in die taal. Smith stem ook saam met „J.P.” oor die weglating van -w, en die spelling van vreemde woorde.

Met nougestheid en toegewyde aandag ondersoek die redakteur sulke leersame artikels wat i.v.m. Afrikaans staan, en daarby maak hy gewoonlik ook sy eie bevindings bekend. Hy gee aanmoediging tot verdere studie en hy kritiseer waar nodig. „Ons verwelkom sulke bijdraes en hoop meer van ons lesers en leseresse sal hulle uitspreek oor moeilikhede in ons teenwoordige Afrikaanse spelling”, is die wens van D.H. in November 1919. Die Akademie sou in Januarie 1920 'n nuwe, verbeterde uitgawe van die Woordelys bespreek en „daarom sal dit goed wees as daar in die tussentijd op inkongekwensies of moeilikhede in ons spelling gewijs word”.

Dié uitnodiging word aangeneem, en in Januarie 1920 verskyn daar korrespondensie na aanleiding van „J.P.” se artikel onder dieselfde opskrif, Ons Spelreëls. Dit is duidelik dat die lesers van D.H. die artikel waardeer het en dat hulle graag ook aan sulke besprekinge wil deelneem. „Ons juig dit.... met dankbaarheid toe dat die Redaksie sulke besprekinge verwelkom.... dit kan nie anders dan goed doen nie”, skryf „Pim” in Januarie. Die korrespondente in hierdie maand is oor die algemeen ten gunste van die afskaffing van -w in woorde soos vrouw, bouw, jouw, en uw. „J.K.S.” en „Garon” meen dat die vervanging van y deur f, soos deur „J.P.” in November voorgestel glad nie onaardig is nie; maar 'n ander korrespondent „D.D.B.” keur dit af in die volgende woorde : „Met sy voorstel.... word die klok 44 jaar agteruitgestoot en herleef ons in die dae van Di Patriot.” Verder maan hy tot versigtigheid i.v.m. die afskaffing van -w. Hy verwelkom egter die gedagte dat 'n paar bladsye in D.H.

gereeld vir die bespreking van taalbelange afgestaan moet word, en „daar u in die verlede altyd bereidwillig was om taalkwessies in uw blad te behandel.... het ek geen die minste vrees dat u nie ook hierin uw lesers tegemoet sal kom nie”.

Hierdie korrespondente doen ook graag eie voorstelle aan die hand. „J.K.S.” gee, byvoorbeeld, 'n lys woorde „in die hoop dat verandering in mag kom” as die Akademie oorgaan tot die bespreking van 'n nuwe, verbeterde Woordelys. Hy wys op woorde wat uitgelaat is, onnodige wisselvorme soos asem - adem, as - als en baie - baje - baing, en stel voor dat die spelling verander word in woorde soos bo-op en soals, wat hy as volg wil spel : boöp en soas. Die Woordelys sou inkonsekwent wees t.o.v. die spelling van ~~byv.~~ reël, seën, reën, maar teen. Sg. wisselvorms van werkwoorde lewer ook moeilikheid op vir „J.K.S.” en „Pim”, byv. doen - doet, gaan - gaat, sien - siet, slaan - slaat. „Pim” waarsku ook teen die gebruik van Nederlandse vorms, nl. sijn vir sij, mijn vir mij, toen vir toe en werd vir word. „Ons moenie net waak teen anglisismes nie, dog ook teen alles wat alte Nederlands is”, is sy mening.

C.P. van der Merwe verklaar dat die eerste reël moet wees : „Skryf soos ons praat”. Moeilikheid kan egter ontstaan omdat daar dikwels verskillende uitsprake vir 'n woord is, bv. mogelik, molik, moontlik, mogentlik ens. Die Nederlandse spelling moet behou word, tensy daar goeie redes is om dit te verander. „Deur die woorde te neem wat die meeste afwijk van Nederlands, gee ons rede vir die bewering dat dit die laagste woorde is wat die Afrikaanse voorstanders gebruik”, sê hy verder. Voordat die spelling van 'n Nederlandse woord verander word, moet daar eers sorgvuldig nagegaan word om uit te vind „of die Nederlandse uitspraak nie miskien nog deur meer mense gebruik word dan hulle dink nie”.

Die redakteur sê dat om so na moontlik aan die Nederlands te bly 'n loflike strewe is, solank daar nie 'n „onnatuurlike, gemaakte Afrikaans” geskep word nie. Dat Smith baie moeite doen om die sake wat in die korrespondensie voorkom volledig te ondersoek, blyk duidelik uit die omvattende antwoorde wat hy aan sy lesers verskaf. Elke punt word sorgvuldig

oorweeg, die voor- en nadele van voorgestelde spellingwysigings bespreek, en die standpunt van D.H. en die S.A. Akademie word ook gegee. D.H. streef om eenvormigheid van spreek- en skryftaal in die hand te werk. Die skryftaal moet 'n „portret” van die spreektaal wees. Die spreektaal verander gedurig, en daarom moet die skryftaal daarmee tred hou en ook gewysig word. Party mense is „dwaas-konservatief” t.o.v. spellingsake, maar spelling moet van tyd tot tyd verander volgens D.H. van Januarie 1920. Wat die voorgestelde spellingveranderinge van die korrespondenté betref, is die redakteur ten gunste van die weglating van -w, maar die vervanging van -v deur f „beskouw ons.... as te veel gevraag”.

In Maart 1920 gee D.H. 'n lys „Wysigings in die Afrikaanse Spelling”. goedgekeur deur die S.A. Akademie in Januarie 1920. D.H. plaas sy eie formulering daarvan, aangesien dié van die Akademie nog nie verskyn het nie.

Onder andere word daar gemeld dat die -w wegval, byv. uu i.p.v. uw. Die aantal wisselvorme is ook verminder sodat daar byv. net mij en sij i.p.v. mijn en sijn erken word. Net die spellingswyse ek en baie word deur die Akademie erken. Ander spellingsveranderinge is die volgende : ai word ê in byv. affêre, militêr ; au word ou, byv. ouditeur ; th word t, byv. tema, atleet ; en y word w in die middel van woorde, byv. aktiwiteit, indiwidu.

In Junie 1920 verskyn 'n artikel deur G.R. von Wielligh oor die nuutste spelreëls van die Akademie. Volgens sy gevoel is daar te veel „willekeurigheid” in die Woordelys. Hy wil weet of die Akademie by die vaststelling van die spelling opgelet het hoe die meerderheid van Afrikaners die woorde gebruik en uitspreek, m.a.w. of daar verteenwoordigers uit al vier die provinsies aanwesig was. Watter maatstaf is gebruik en wie het die finale uitspraak gelewer ? Die woord somaar is deur die Akademie vasgestel, maar Von Wielligh is seker dat die meerderheid in plaas daarvan sommer gebruik. Die Akademie moet die woordvorm wat die meeste gebruik word kies en dan daarby bly. Volgens hom word dit nie gedoen nie.

„Waar kom die oorwinning van die mees gebruikte woord in ?” roep hy uit. Die Woordelys „is die bron wat nou teenstand bied” i.p.v. om leiding te gee. Die jongste spelreëls sou vanaf 1921 in die onderwys toegepas word. Die Bybelvertalers gebruik hulle ook. Von Wielligh glo vas dat daar een toonaangewende liggaam moet wees om leiding te gee. Daarom sou hy hom aan die reëls van die Akademie onderwerp, en hy raai die skole, koerante en tydskrifte aan om dit ook te doen. Op dié wyse sou eenvormigheid in die skryftaal bevorder word.

In November 1920 skryf prof. Smith ~~XXXXXXXXXX~~ self 'n artikel in D.H. onder die opskrif „Die Spellingprotes van die Noorde”. Hy verklaar dat die jongste besluite van die Akademie oor die algemeen byval gevind het. Skrywers, uitgewers, koerante en tydskrifte het die nuwe spelling aangeneem. Die grootste teenstand het van Pretoria gekom waar die redaksies van al die Afrikaanse koerante en tydskrifte bymekaargekom het om die spellingkwessie te bespreek. 'n Memorandum is opgevat <sup>-stel</sup> waarin hulle besware teen die spelling opgeteken is, en dit is aan die Woordelyskommissie voorgelê wat net party voorstelle aangeneem het. Die sienswyse van die kommissie is aan die opstellers van die Memorandum bekendgemaak, wat daarna hul eie opvattinge en dié van die kommissie in die pers bekendgemaak het. So word die publieke mening teen die Woordelyskommissie opgestook.

In hierdie artikel skryf Smith oor die Memorandum en die Spelreëls. Hy spreek sy persoonlike mening uit, en praat nie namens die Woordelyskommissie nie. Hy wys daarop dat die lede van dié liggaam nie net die Westelike Provinsie kom nie, en hy weerspreek op doeltreffende manier die beskuldiging van die Memorandum-opstellers dat onderwysers en joernaliste eintlik meer bevoeg as professore sou wees om oor taalsake te gesels.

Die Pretoriase joernaliste gaan akkoord met 21 uit die 39 wysigings van die Woordelys. Verder is daar 8 wysigings waarmee hulle feitlik saamgaan. Daar bly dus 10 punte oor wat hulle heeltemal verwerp. Smith antwoord op hul argumente deur positief te werk te gaan en die redes van die Kommissie op te noem. Die wysigings waarteen daar beswaar gemaak is,

is die volgende : (1) y i.p.v. ij ; (2) die skryfwyse met een e in oop lettergrepe ; (3) die spelling ng in woorde soos fraings, kaiings ; (4) die spelling van gensbok, kanfer, konfoor, lanfer ; (5) die spelling van weens ; (6) die aanmeakaarskryf van woorde soos koperketel, ysterpaal ; (7) die gebruik van -ing en -ink in gewone Afrikaanse woorde, en -eng en -enk in Nederlandse woorde of woorde deur dié taal beïnvloed ; (8) die vorm ek i.p.v. ik ; (9) die gebruik van net een vorm toe, en die verwerping van toen ; (10) die vorm na, en die verwerping van naar. Smith probeer dan om die beweegredes en die standpunt van die Kommissie t.o.v. hierdie taalsake te verklaar, en bespreek die voor- en nadele van al die punte. Die Memorandum pleit ook vir die behoud van die intervokaliëse d en g, maar Smith keur dit af. Die redakteur maak hierdie opmerkings net met een doel voor oë, nl. om die verdere ontwikkeling van Afrikaans te bevorder. As sy opmerkings enigszins daartoe kan bydra, „dan sal ons hoogs voldaan wees”. Dit was altyd sy strewe om vorme vir die skryftaal te kies of te verwerp volgens die maatstaf van beskaafdheid. In meer as een geval moes D.H. die eie Bolandse vorms verwerp. Die suidelike en noordelike provinsies moet hartlik saamwerk i.v.m. „so 'n belangrike kultuursak as die totstandbrenging van 'n algemeen erkende skryftaal,” skryf Smith. „Laat ons veral sorg dra dat so 'n belangrike kampvegter vir ons kultuur soos die Suid-Afrikaanse Akademie.... nooit in diskrediet by ons volk kom nie”, is die vermaning van die redakteur.

D.H. vestig dan ook gedurig die aandag van sy lesers op die besluite van die Akademie. In Junie 1922 word daar vermeld dat daar in Desember 1920 veranderinge in die spelling van sekere woorde aangebring is. Die intervokaliëse g word in sekere woorde soos hoge en oge erken, en die onderskeid tussen na en naar word behou.

In November 1922 skryf A.K. Bot in D.H. dat die Akademie die spelling van aardrykskundige name in Afrikaans verwaarloos het, waarop die redakteur antwoord dat dié aanklag nie heeltemal geregverdig kan word nie, aangesien die Akademie dit wel bespreek het. Volgens Bot heers daar „absolute stelloosheid” in die skoolboeke, atlasse en die Akademie-Woorde-lys. Die Eerste Afrikaanse Skoolatlas, uitgegee deur J.L. van Schaik, Bpk.,

het, egter, op dié gebied pionierswerk gedoen, maar daarin kom ook baie foute voor. Die doel van Bot se artikel is om die aandag van die spelling-otoriteite op die gemis te vestig en om hulle te versoek om in dié saak leiding te gee.

In November 1922 verskyn daar weer 'n rubriek „Taalvrae en Antwoorde” in D.H. Die korrespondente vra raad oor alles en nog wat. Die eerste vraag gaan oor die spelling perde wat volgens die korrespondent pêre behoort te wees. 'n Ander skrywer wil weet of aan't loop nie „onafrikaans” is nie, waarop die redakteur antwoord dat dit inderdaad goeie Afrikaans is. Vraag 5 handel oor die gebruik van die woorde brekfis, dinner, en lunch, wat die redakteur beslis afkeur. Hy gee goeie Afrikaanse woorde in plaas daarvan, soos ontbyt, agtuur, vroegkos, hoofmaal, dinee, en middagmaal. Die agste vraag gaan oor die gebruik van die woorde jellie en enjin, waarteen die redakteur nie sterk beswaar het nie.

Die sesde vraag handel oor die los- en vasskrywe van die woordjie toe. Die redakteur verklaar dat daar nog nie 'n vaste reël is nie, maar D.H. gebruik die volgende stelsel : (1) Toe is los van die voorafgaande woord as na vóór hierdie woord staan byv. ons gaan na die dorp toe, en, as daar 'n lidwoord, 'n byvoeglike naamwoord of ander bepalende woord voor die selfstandige naamwoord staan, byv. Kyk berg se kant toe. Toe word met 'n koppelteken gebruik as daar geen bepalende woord voor die selfstandige naamwoord staan nie : Loop huis-toe. Toe word ~~vas~~ aan voorafgaande bywoorde geskryf, dus boontoe, hiernatoe.

Hier kan ons ongelukkig nie al die vrae behandel of selfs volledig opnoem nie. Dit is egter meldenswaardig dat daar nog in dié tyd 'n korrespondent is wat onseker is oor die spelling van bietjie (Vraag 11)

Die antwoord op die negende vraag is interessant vir sover ons daardeur insig kry in die manier waarop Smith die algemene taalwetenskap benader.<sup>7)</sup>

7) Veral onderafdelings 3 en 4 van Vr.9.

Die redakteur keur dit af dat enigeen „wat reken dat hy iets van Afrikaans afweet, somar aan die eksperimenteer gaan en sy eie spelling daarop nahou.”<sup>8)</sup> Die gedeelte van die publiek wat van taalsake „verstand” het, kan op moeilikhede in die skryftaal wys en hul menings vryelik uitspreek. Maar hulle moet onthou dat <sup>dit</sup> in die belang van Afrikaans is as daar een erkende liggaam is wat die voorstelle kan oorweeg en die finale beslissings maak. „'n Eenheidsskryftaal is 'n kulturele noodsaaklikheid vir die Afrikaner vandag”. Sake waaroor daar verskil van mening is, moet eers grondig bespreek word, en dan kan hulle onder die aandag van die „hoogste taalliggaam”, die Akademie, gebring word.

Die Woordelys van die Akademie verskaf egter nog moeilikheid. In Mei 1923 skryf E.B. Grosskopf dat hy as onderwyser moeilikheid ondervind met die hersiende uitgawes van die Woordelys wat soms verskillend is. Nooit weet hy wanneer die jongste Woordelys sy verskyning maak nie. Is dit dan soos „Halley se komeet”, of kom dit dan „soos 'n dief in die nag?” Verder sou daar „konsekwente inkonsekwensies” in die lys wees aangesien soveel ongerymdhede daarin voorkom. Die redakteur stem saam dat 'daar inkonsekwensies is, en daarom het D.H. altyd vir homself die reg toegeëien om spelvorme wat op vergissings berus of wat miskien drukfoute kan wees, nie te skryf nie. D.H. gebruik in dié gevalle sy eie spelling wat as die juiste beskou word. 'n Massa inkonsekwensies is egter reeds uit die Woordelys verwyder. Die redakteur stel voor dat onderwysers lys te van inkonsekwensies en verbeterings aan die Akademie stuur. Almal kan help; daar is geen tyd om mekaar sleg te sê terwyl daar werk voorlê nie.

In Julie 1923 verskyn die rubriek „Taalvrae” weer, en daarin word vrae van 'n wyduiteenlopende aard behandel. Een korrespondent, A. de Wet sê dat die skryftaal nie aan bande gelê moet word „waarby geen skrywer mag gaan sonder hom te besondig teen sekere wette en reëls nie”. Hy is o.a. nie ten gunste van die spelling ou i.p.v. au nie, 'n skryfwyse waarvoor die redakteur pleit: Ougustus, Oustralië. Hy maak ook beswaar teen

8) Onderafdeling 5.

ie i.p.v. i, waarop die redakteur antwoord dat die „allermaklikste” oplossing sou gewees het om i in oop lettergrepe en ie in geslote en in oop eindlettergrepe te gebruik. Maar dié reëling was te radikaal vir partymense, en daar is toe besluit om ie orals, behalwe in swakbeklemde lettergrepe wat nie op die end staan, te gebruik. Hierdie korrespondent kan nie begryp hoekom provinsie met 'n v en provinciaal met 'n w geskryf word nie, waarop daar geantwoord word dat dit presies parallel is met gevalle soos servies - serwituut, slavin - slawe en gravin - grawe. Die „mooi-lyk” argument kan nie te pas gebring word by die oplossing van spelingsmoeilikhede nie, skryf D.H..

'n Korrespondent, Jac. Marais, vra of die opstellers van die Woordelys self helderheid het oor die gebruik van die deelteken. Dit word op plekke gebruik waar sy weglating geen dubbelsinnigheid sou veroorsaak nie: reën, voël, seën, seël, i.p.v. reen, vool, seen, seel. Volgens hom behoort dit gebruik te word alleen waar die weglating daarvan verwarring sou veroorsaak : hoë, droë, vlieë, seë, ens. Die redakteur erken geredelik dat die Woordelys soms inkonsekwent is en dat die reël t.o.v. die deelteken nie orals toegepas word nie, byv. in geleentheid, reent, moondheid. Wat die voorgestelde weglating van die deelteken betref, is die redakteur van mening dat voël en reën nie dieselfde vokaallengte het as byv. kool en steen onderskeidelik nie. Grondige hersiening is, in elk geval, nodig.

Jac. Marais en die sewende korrespondent het ook beswaar teen die gebruik van twee verskillende skryftekens vir klanke wat dieselfde waarde het nl. f en v, asook ei en y. „Historiese lawwighede” is die benaming wat Marais daaraan gee. Dit is feitlik seker dat een van die twee tekens tog eendag sal verdwyn, en daar bestaan geen rede waarom daar nie dadelik aanstalties gemaak sou word om hulle af te skaf nie. Die redakteur stem saam dat twee tekens vir dieselfde klank net verwarring skep.

Die eerste korrespondent, Mevr. ‚I. de V.M.’ skryf dat die Afrikaanse vroue moet saamstaan om die aanspreekvorm „Mrs.” uit die spreektaal te weer, en „mevrou” in sy plek moet stel. Dit is 'n saak wat ook na aan

die redakteur se hart lê, en hy gee dan die korrekte Afrikaanse aanspreekvorms.

Dit is dus uit die voorafgaande duidelik dat D.H. 'n eenvormige Afrikaanse skryftaal wou bevorder. Toe D.H. in 1916 opgerig is, is daar besluit om die spelreëls wat op 15 September 1915 deur die Akademie vasgestel is, toe te pas. D.H. glo vas dat daar 'n sentrale taalliggaam moet wees om spelling en taalreëls van te stel en om sodoende 'n eenvormige skryf- en spreektaal in die hand te werk. D.H. probeer om die Akademie-reëls konsekwent toe te pas, maar versuim egter nie om nodige kritiek te lewer nie. Die spellingstelsel van die Akademie het „algemeen ingang gevind, waartoe baie bygedra het Die Huisgenoot”, verklaar dr. T.H. le Roux.<sup>9)</sup> Die rubriek „Taalvrae en Antwoorde” veral het veel gedoen om 'n juiste insig in die Afrikaanse taal te gee. Daar kon almal hul probleme stel, besware opper, menings uitspreek en die raad van die redakteur, 'n bekende taaldeskundige, inwin. Op hierdie wyse vind Smith uit watter sake in die taal die grootste moeilikheid vir die gemiddelde Afrikaner veroorsaak. Hierdie kennis kon hy vervolgens onder die aandag van die Akademie bring wat dit nie kon negeer nie, aangesien D.H. 'n wye leserskring gehad het. So dra D.H. by tot die bevordering van Afrikaans.

#### (b) Afrikaanse Terminologie

D.H. is gedurende sy bestaan as maandblad deeglik daarvan bewus dat die Afrikaanse taal op baie gebiede nie tot sy reg kom nie weens gebrek aan geskikte Afrikaanse terminologie. Een van hierdie gebiede is die wetenskap.

In September 1918 verskyn daar in D.H. 'n artikel deur dr. D.F. du Toit Malherbe oor die gebruik van skeikundige terme in Afrikaans. Hy skryf dat 90% van die tegniese terme klaar voor die hand lê omdat hulle

9) Gedenkboek v.d. G.R.A. : bl.271

afgelei is volgens die voorbeeld van ander kultuurtale, van Latyn en Grieks, of hulle bestaan reeds in Nederlands. Die wetenskaplike terminologie is grotendeels internasionaal. Die moeilikheid lê by die spelling van die terme in Afrikaans. Daar moet dadelik pogings aangewend word om eenvormigheid in hierdie opsig te verkry, en dit is raadsaam om na aan die Nederlandse terminologie te bly.

In Julie 1923 skryf „B.K.” in die rubriek „Taalvrae” dat die wetenskap internasionaal is, en daarom is daar 'n neiging om terme te gebruik wat internasionaal is. Dit behoort ook die geval in Afrikaans te wees. „As 'n halfvreemde woord nie in 'n sekere kring van lesers alombekend is nie, dan kan 'n meer bekende woord langsaan tussen hakies gesit word,” is sy standpunt. Die redakteur is dit „vrywel” eens met „B.K.”, maar „ultra-puriste” sou hierdie standpunt nie goedkeur nie.

In hierdie maand verskyn daar 'n kort berig in „Taal- en Stamnuus” oor wetenskaplike terminologie. Die S.A. Akademie het 'n kommissie bestaande uit dr. G.G. Cillie, prof. J. Smith en W.E. Malherbe benoem om aanbevelings te maak aangaande die vasstelling van terme en uitdrukkings wat by „natuurwetenskaplike” onderwys d.m.v. Afrikaans gebruik kon word. Die kommissie moet in aanraking met die vakmanne kom om gedagtes te wissel. Alle vakmanne en belangstellendes word „dringend” versoek om lyste van terme, of kritiek op bestaande lyste, of algemene wenke aan prof. W.E. Malherbe van Stellenbosch te stuur. Smith is dus direk betrokke by die vasstelling van wetenskaplike terme.

Ook op ander gebiede is daar onvoldoende terminologie of 'n gebrek daarvan. In Februarie 1920 plaas D.H. 'n artikel van Sarah Goldblatt oor Afrikaanse terme vir liggaamsoefeninge. In Oktober 1920 skryf die redaksie oor sportterme. D.H. ontvang dikwels briewe waarin die tydskif gevra word om te help om Afrikaans ook in die sportwêreld tot sy reg te laat kom. „Ons verwelkom die beweging ten gunste van meer suiwerheid op taalgebied van harte, en Die Huisgenoot sal alles in sy vermoë doen om so 'n lofwaardige strewe te steun”, belowe die redakteur. D.H. is bly dat sportbeoefenaars taalbewus word en vir 'n Afrikaanse sporttaal ywer. Uit die lang redaksie-artikel is dit duidelik dat D.H. hierdie

saak ernstig opneem en nie sal rus voordat die Afrikaanse taal op alle moontlike gebiede tot sy reg kom nie.

In September 1921 word daar 'n lys „voetbalterme” onder die <sup>opskrif</sup> ~~in~~ D.H. geplaas. Die lesers word gevra om verdere inligting en voorstelle aan die opstellers van die lys te stuur. In Maart 1922 verskyn daar in D.H. 'n breedvoerige lys tennisterme wat byna twee bladsye beslaan.

Dit blyk dus dat D.H. strewende om die Afrikaanse woordeskat op die gebied van die wetenskap en verskillende sportsoorte uit te brei.

### (c) Afrikaanse Spreekwoorde

D.H. strewende om 'n natuurlike en tipies-Afrikaanse spreekwyse te bevorder. Daar is talle spreekwoorde wat aan Afrikaans eie is en wat 'n besonderse kleur aan die taal verleen.

In Oktober 1919 verskyn daar in D.H. 'n aantal Afrikaanse spreekwoorde wat deur Hettie Cillie bymekaargemaak is en wat hul ontstaan te danke het aan die ossewa. Die spreekwoorde wat genoem word bevat die woorde os, tou, jukskei, riem, strop, wiel, rem, ysteras, span en skof, en verbindings met hierdie woorde.

In September 1920 gee Dirk Mostert nog ander spreekwoorde wat met bv. tou, wiel, skof, riem en wapad gevorm kan word. „Idalia” en G. van Rooyen gee ook in dieselfde nommer van D.H. ander „ossewaspreekwoorde” wat bogenoemde en ander woorde soos skroef, briek en wasweep bevat.

In D.H. van Januarie en Mei 1921 bring B. Spoelstra 'n groot aantal Afrikaanse spreekwoorde in verhaalvorm byeen. Volgens hom word daar so selde van spreekwoorde gebruik gemaak. Spreekwoorde maak die taal lewendig. Die redakteur spreek die hoop uit dat die voorbeeld van Spoelstra nagevolg sou word en dat nog meer sulke versamelings D.H. sou bereik.

Dit is dus duidelik dat die redakteur van D.H. die lesers wil aanmoedig om hul spreek- en skryftaal te verryk deur gebruik te maak van frisse beeldspraak en uitdrukkings wat op eie nasionale bodem ontstaan het.

H O O F S T U K 4

DIE HUISGENOOT OOR DIE GESKIEDENIS VAN DIE  
AFRIKAANSE BEWEGING

Die Huisgenoot stel nie net belang in die Afrikaanse Taalbeweging vir sover dit aktuele sake soos die stryd vir die offisiële erkenning van Afrikaans en die vasstelling van 'n eenvormige spreek- en skryftaal betref nie, maar dit vestig die aandag van die lesers ook op die geskiedenis van die taalstryd.

Selfs die oorsprong en die ontwikkeling van Afrikaans is die tema van 'n artikel deur prof. W. Blommaert wat in September 1921 in D.H. verskyn. In die joernaal van die kommissaris-generaal H.A. van Rhee de wat die Kaap in 1685 besoek het, het die skrywer geles dat die kinders van die Nederlandse koloniste die krom uitspraak van die Hottentotte nagevolg het en dat daar op dié wyse 'n „gebroke spraek gefondeert werd”. Blommaert kom tot die gevolgtrekking dat 'n nuwe taalvorm reeds in die tyd van Simon van der Stel besig was om te ontwikkel. Die proses het toe reeds so ver gevorder dat Van Rhee de gevrees het dat dit onuitroeibaar sou word. Blommaert heg groot waarde aan dié teorie, maar hy meld ook dat daar in die vroeë dae van die kolonisasie 'n soort gebroke Portugees gebesig is. Bewyse vind hy in die geskifte van die Franse sendeling Guy Tachard, en in 'n proklamasie deur lord Charles Somerset in Junie 1917 uitgevaardig.

Maar D.H. stel eintlik meer belang in die latere taalperiode en die agtergrond van die Afrikaanse Beweging. In Januarie 1922 is daar 'n redaksionele artikel onder die opskrif „Eerste Skrywers en Eerste Geskifte in Afrikaans”. Die lesers word uitgenooi om enige informasie insake die ontstaan van die Eerste Taalbeweging aan D.H. te stuur. Daar is „nog ontsaglik veel na te vors” in die onuitgegewe briewe en stukke, in ou

koerante en tydskrifte, en in gedrukte werke van die tydperk 1860 tot 1905. Mededelings van lede van die G.R.A. wat nog in die lewe is, behoort waardevolle en interessante feite aan die dag te bring. Die redakteur deel die lesers mee dat hy self navorsingswerk onderneem het, en op dié wyse belangrike ontdekkings en onthullings gedoen het deur te „snuffel in ou geskrifte”. Deur die „Separatiste”-beweging na te gaan, ontdek hy dat L.H. Meurant die skrywer was van die „Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar over het onderwerp van Afscheiding...” wat in 1861 te Cradock uitgegee is. 'n Tweede ontdekking wat Smith doen, staan in verband met die ontstaan van die Eerste Taalbeweging. Hy lees artikels en korrespondensie in „De Zuid-Afrikaan” van 1872 en die daaropvolgende jare, en kom tot die gevolgtrekking dat die Beweging in 1872 moes begin het. In daardie jaar het Pannevis se opspraakwekkende brief oor 'n Afrikaanse Bybelvertaling in hierdie koerant verskyn. Smith verklaar verder dat die werklike publikasies van die Eerste Beweging die belangrikste bronne is vir ons kennis van die tydperk 1872 - 1902. Uitgawes van boeke uit dié periode is baie seldsaam. Daar is geen volledige versameling van die eerste Afrikaanse uitgawes nie. „Dit word dus ons plig om te red wat daar nog te redde is”. Elke leser van D.H. word opgeroep om waardevolle boeke en geskrifte te bewaar. In die volgende nommer van D.H., Februarie 1922, verskyn daar 'n lys van 76 Afrikaanse boeke en geskrifte wat voor 1900 gepubliseer is, om die lesers behulpsaam te wees by die identifikasie van ou boeke wat versamel en bewaar moet word.

In November 1922 skryf die redakteur van D.H. weer oor die ontstaansjaar van die Eerste Beweging. Die redakteur vra homself of dit in 1872 begin het toe Pannevis se brief verskyn het, in 1873 toe C.P. Hoogenhout se boek „De Geskiedenis van Josef” gepubliseer is, of in 1875 toe die G.R.A. opgerig is. Hierdie saak het Smith se belangstelling in so'n mate geprikkel dat hy weer navorsing gedoen het as gevolg waarvan hy afkom op 'n artikel deur Pannevis in „De Hollandsche Afrikaan” van 22 Augustus 1883. Pannevis beweer self dat die Beweging in 1872 ontstaan het. Sy artikel „De Bijbel in het Afrikaansch” het op 7 September 1872 in „De Zuid-Afrikaan”, 'n veelgelese blad verskyn, en dit het 'n lewendige polemieks uitgelok.

D.H. gaan uit van die standpunt dat die werk van die eerste kampvegters vir Afrikaans nie vergeet mag word nie, maar dat die nageslag hul name in ere moet hou en hulde aan hulle moet bring, hul werk „met dankbaarheid vermeld en na waarde skat”.<sup>1)</sup> In Desember 1919 verskyn daar 'n artikel in D.H. oor „Oom Lokomotief” - D.F. du Toit, waarin daar met waardering melding gemaak word van sy belangrike aandeel in die Eerste Beweging. Toe hy oorlede is, skryf D.H. in Mei 1923 'n treffende huldeblyk, en verklaar : „ 'n Volk wat sy helde vergeet, is 'n volk aan't sterf”. Hulle het geploeg en gesaai, en „ons maai”. Die toegewyde vaderlandsliefde en die hoë ideale van die eerste bouers van die nasie sal nie vergeet word nie.

G.R. von Wielligh skryf in Januarie 1922 'n artikel in D.H. oor die tydperk tussen die Eerste en die Tweede Taalbeweging. Daar word vertel hoe die Eerste Beweging doodgeloop het en dat ds. S.J. du Toit pogings aangewend het om dit te laat herlewe. Die eintlike herlewing vind op Stellenbosch plaas waar Ons Moedertaal opgerig word wat later deur die Nasionale Pers oorgeneem word. Groot nadruk word gelê op die aandeel van die Afrikaanse koerante en tydskrifte, soos Land en Volk, De Volkstem en Die Brandwag in die noorde. Die redakteur moet op sekere foutiewe stellings van die skrywer wys. Ons Taal wat in 1909 gestaak is, is nie in Ons Moedertaal opgeneem nie. Ons Taal, net soos Ons Klyntji was „pynlik neutraal”, terwyl O.M. beslis nasionaal-Afrikaans was.

In Maart 1920 verskyn daar in D.H. sg. „opmerkinge” deur dr. Lydia van Niekerk na aanleiding van Taal en Poësie van die Afrikaanse Taalbeweging deur dr. E.C. Pienaar. Die skryfster maak beswaar teen 'n paar stelling van Pienaar, en wys op sake wat hy nie genoem het nie. Pienaar verklaar o.a. dat die Tweede Beweging in die Noorde begin het. Lydia van Niekerk gaan die geskiedenis van die taalstryd na en bewys die teendeel, nl. dat die eintlike herlewing van die taalstryd in Kaapland ontstaan het. 'n Volgende groot beswaar is dat Pienaar geen melding maak van die reëling

1) D.H. : Mei 1923.

van die spelling deur die A.T.V. in 1908 nie. Pienaar skryf dat die A.T.V. 'n blad uitgee, Ons Moedertaal, wat later met Die Huisgenoot verenig word. Volgens Van Niekerk verdien Die Huisgenoot meer waardering as alleen 'n terloopse opmerking in 'n aantekening onderaan 'n bladsy. Die Huisgenoot is die enigste Afrikaanse orgaan waarin die Akademie-spelling heeltemal konsekwent toegepas is, „'n handelwyse waardeur groot invloed ten goeie uitgeoefen is”, verklaar sy. Pienaar skryf dat die stigting van die Akademie as een van die vernaamste mylpale in die geskiedenis van die Taalbeweging beskou kan word. Volgens dr. van Niekerk is dit „wel te veel gesê”. Die Akademie het eers in 1914 „sy verantwoordelikheid teenoor Afrikaans ten volle besef”, eers na Langenhoven se kragtige pleidooi. Die Brandwag wat pas 'n jaar na die Akademie gestig is, was reeds 'n „kultuurbate van die grootse belang” lank voordat die Akademie 'n belangrike posisie in die Afrikaanse taalstryd ingeneem het.

In September 1920 skryf dr. Pienaar in D.H. om sy standpunt te verdedig. Die georganiseerde beweging het van Pretoria uitgegaan. Die bedrywigheid op taalgebied in die Suide het net „by vrome wense gebly” tot na die begin van die werksaamhede in die Noorde. J.H. de Waal en sy medewerkers kon geen nuwe lewe in die ou beweging blaas nie. In Ons Klyntji word die propaganda van De Goede Hoop nie eers vermeld nie. Pienaar maak sterk beswaar teen Van Niekerk se bewering dat daar nie invloed vanuit die noorde gevoel is nie. Vervolgens haal hy bewysplase aan om die invloed van Gustav Preller daaraan te illustreer. Dit is Pienaar se oorwoë mening dat „die eerste kragtige stoot, waardeur die tweede Afrikaanse-taalbeweging definitief ingelei is as 'n doelbewuste propagandabeweging, van die noorde uitgegaan het”.

In September 1921 skryf D.H. oor die Tweede Beweging na aanleiding van 'n polemiekie wat in De Burger gevoer is tussen J.H. de Waal en dr. E.C. Pienaar oor sekere vraagstukke i.v.m. die geskiedenis van Afrikaans. Die redakteur van D.H. het dit van soveel belang geag dat hy eers van plan was om die hele korrespondensie in sy tydskrif weer te gee, maar weens die omvang van die polemiekie was dit onmoontlik om dit te doen. D.H. kan derhalwe net na die betrokke nommers van De Burger verwys,<sup>2)</sup> en die saak

2) De Burger : 12, 13, 22 Aug. en 5, 14, 16 Sept. 1921.

dan self bespreek. Die redakteur is daarop gesteld dat sulke vraagstukke objektief en sonder enige vooroordeel benader word. Volgens D.H. was ds. S.J. du Toit se veranderde politieke sienswyse wél die oorsaak van die ondergang van die Beweging. Die veelbesproke vraagstuk aangaande die plek waar die Tweede Beweging sou ontstaan het, word ook deur D.H. in oënskou geneem. Na die Tweede Vryheidsoorlog was daar oral in die land reaksie, sodat 'n mens nie kan beweer dat die Beweging van die een deel na die ander versprei het nie. Maar daar kan wel gekonstateer word dat die beweging in die Kaapkolonie selfstandig en heelwat vroeër as in die noorde ontstaan het.

In Oktober 1921 skryf D.H. dat daar baie briewe ontvang is na aanleiding van die artikel van September 1921 wat ons net behandel het. Alle moontlike inligting wat die lesers kan verskaf en wat lig op die saak kan werp, word verwelkom. D.H. self sal voortgaan om verdere navorsing te doen. Weereens wil die tydskrif sy houding duidelik stel, nl. dat dit nie kant kies nie : „Daar is vir ons ook inderdaad niks aan geleë of die tweede Beweging in die noorde dan wel in die suide begin het nie, en as die feite in ons laaste artiekël aangevoer ooit mog blyk inkorrekt of onvolledig te wees, dan sal ons die eerste wees om te retireer”. D.H. kan egter nie aanneem dat Preller werklik die Tweede Beweging begin het nie. Die saak moet nog meer intensief ondersoek word. „Die bietjie navorsing wat ons op eie houtjie gedaan het, het ons ten duidelikste getoon hoe veel daar nog na te spoor is”, skryf die redakteur. Die aandeel van persone soos Johan Visscher, J.S.M. Rabie en D.P. du Toit moet nog nader vasgestel word. Enige inligting kan aan D.H. gestuur word, maar op een voorwaarde : „Geen ontstigende persoonlikhede en geen ongewettigde provinsie-verheerliking nie.” Die saak moet met wetenskaplike objektiwiteit ontleed word. „Ons sal alleen dan nader aan die waarheid kom as ons die saak suiwer objektief behandel”, besluit D.H.

'n Artikel oor „Onse Jan, en die A.T.V.” deur J.H.H. de Waal, verskyn in Oktober 1921 in D.H.. Die skrywer verhaal hoe „Onse Jan” aan die begin hom buite die stryd vir Afrikaans gehou het. By 'n sekere geleentheid het hy verklaar dat die kaffertaal en die taal van die Kaapse Maleiers

ook „Afrikaans” was. Maar langsaamerhand begin hy 'n meer versoenende houding teenoor die voorstanders van Afrikaans in te neem. Op 'n keer verklaar hy : „ Om 'n leier van jou volk te wees, moet jy die Volk volg”. Later verdedig hy in die Parlement die gebruik van Afrikaans as spreektaal. In die gewone omgang het hy hom van Afrikaans bedien. Maar hy was konserwatief en wou Afrikaans derhalwe nie tot skryftaal verhef nie. Die stryd van Nederlands teenoor Engels was nog ongelyk, en 'n derde taal sou dit nog moeiliker maak. De Waal wys op Jan Hofmeyr se opregte stryd vir sy volk t.o.v. ander sake. Op sy eie manier was hy feitlik self 'n „baanbreker” in die Tweede Afrikaanse Taalbeweging.

Die Huisgenoot het ongetwyfeld veel daartoe bygedra om die Afrikaners 'n sin vir waardes aan te leer. Die werk van die eerste kampvegters moet waardeer word. Oor sekere dinge wat i.v.m. die Beweging staan, is daar nog onsekerheid. In hierdie opsig kan die lesers self opbouende werk lewer deur navorsingswerk te doen en enige inligting daaromtrent aan Die Huisgenoot te stuur. Die lesers word vermaan om sulke sake met wetenskaplike objektiwiteit te benader. As hulle enigsins vaderlandsliewende persone was, sou hulle by die lees van die geskiedenis van die taalstryd 'n groter liefde vir hul taal ontwikkel, en self voel dat dit hul plig is om die ideale van die taalstryders te help verwesenlik.

HOOFSTUK 5

SLOTBESKOUING

Uit die voorafgaande hoofstukke blyk dit duidelik dat Die Huisgenoot 'n belangrike rol in die Afrikaanse Taalbeweging gespeel het.

Vanaf sy oprigting in Mei 1916 het hierdie tydskrif 'n verstandige taalbeleid toegepas. Deur Nederlands saam met Afrikaans in die begin te gebruik, het Die Huisgenoot getoon dat die voorstanders van Afrikaans nie teenoor Nederlands vyandiggesind was nie, maar dat hulle in werklikheid van mening was dat die moeder- en dogtertaal „hand aan hand” moes gaan. Nederlands was die magtigste „bondgenoot” van Afrikaans, en Afrikaans sou in sterkte toeneem namate die Nederlandse taalregte gehandhaaf en bevorder word. Op hierdie wyse word die voorstanders van Hollands nie vervreem nie. Inteendeel, Die Huisgenoot het juis deur sy optrede die agting van menige teenstander van Afrikaans afgedwing en meer simpatie vir die taalstryd verwek. Afrikaans word aanneemliker gemaak vir persone wat nog aan Nederlands vasgeklem het. In hierdie opsig gee dié tydskrif inderdaad uiting aan die gees van die Tweede Beweging. Daar is groter verdraagsaamheid as in die Eerste Beweging, en die oortuigingswerk vir Afrikaans word op 'n meer wetenskaplik-beredeneerde wyse aangepak. Meer besadigheid word aan die dag gelê. Die gees van onbesonne voortvarendheid wat hom soms in Ons Moedertaal geopenbaar het, is in Die Huisgenoot getemper. Maar as dit nodig is, druk die tydskrif sy menings uit in krasse bewoording, soos ons tevore aangetoon het.

Die Huisgenoot werp hom uit die staanspoor uit vol in die stryd om die erkenning van Afrikaans op alle gebiede. Die tydskrif is gewis geen passiewe toeskouer nie ! Dit is inderdaad 'n gedugte stryder met wie daar rekening gehou moet word, aangesien dit streef om die dinge wat in

die Afrikaner se gemoed omgaan, te vertolk. Dit word 'n woordvoerder van die Afrikanervolk.

Reeds vanaf die vroegste nommers van Die Huisgenoot word daar propaganda gemaak vir Afrikaans in die Kerk, 'n konserwatiewe liggaam en 'n moeilike vesting om te verower - die volledige Bybel in Afrikaans verskyn eers in 1933. Besluite van die Kerk om Afrikaans as kanseltaal te erken, word hartlik toegejuig. Dit is veral die besluit van die Vrystaatse Sinode in 1916 om Afrikaans te erken en die Bybel te laat vertaal wat die tydskrif met meer beslistheid laat optree. Daar word blykbaar groot waarde geheg aan die taalvorms wat die vertalers in die Afrikaanse Bybel sou gebruik, bv. ik of ek. Juis na aanleiding hiervan ontstaan 'n bespreking in Die Huisgenoot, as gevolg waarvan duidelikheid verkry word oor die mees gebruiklike vorms, en dit sou die Bybelvertaling natuurlik ten goede kom. Die Huisgenoot is daarvan oortuig dat Hollands weldra deur Afrikaans as kerktaal vervang sou word. Die volle verwesenliking van hierdie ideaal vind nie in hierdie tydperk plaas nie. Maar in 1922 kon Die Huisgenoot 'n vertaling van die Evangelies welkom heet. Ook die kerkgesang in Afrikaans word aangemoedig, 'n saak wat eers baie later, nl. in 1944, tot sy reg kom met die verskyning van die volledige Psalm- en Gesangboek in Afrikaans. Vanaf 1916 tot 1923 het Die Huisgenoot ongetwyfeld veel daartoe bygedra om die Afrikaners te oortuig dat Afrikaans die geskikte en doelmatigste draer van die boodskap van die Kerk was.

Een van die sake waarvoor die tydskrif die hardste stry, is die erkenning van dié moedertaal in die onderwys. Uit die ondersoek wat ons gedoen het, is dit baie duidelik dat hierdie saak na aan die hart van die redakteur lê. As hoogleeraar in Afrikaans aan die U.S. het hy natuurlik groot belang daarby. Die Huisgenoot maak byna van elke geleentheid gebruik om die moedertaalonderwys te bepleit. In 1914 is Langenhoven se voorstel aangaande die medium van onderrig tot by St.4 in die Kaapse Provinsiale Raad aangeneem, wat aanleiding gegee het tot soortgelyke voorstelle in die ander Rade. Twee jaar daarna pleit Die Huisgenoot vir die erkenning

van Afrikaans tot by St. 10 asook in die hoër opleiding, nl. opleidingskole en universiteite. Dit is die vaste mening van die tydskrif dat daar „van bo af” begin moet word, d.w.s. by die universiteitsdosente en onderwysers. Hoë eise word aan hulle gestel. Die Huisgenoot spoor hulle gedurig aan tot die stryd. Die pogings wat onderwysersverenigings en studente-organisasies t.o.v. die verkryging van moedertaalonderwys aanwend, word fyn dopgehou, en daar word veral aandag geskenk aan Taalordonnansies van die Provinsiale Rade. Dubbelmediumskole word afgekeur; die onderwysers moet net in die moedertaal geskied. Maar Die Huisgenoot is daarop gesteld dat die ander landstaal nie verwaarloos word nie.

Die Huisgenoot beywer hom net so geesdriftig vir die bevordering van Afrikaans in die Regering en die Staatsdiens. Artikel 137 van die Uniegrondwet moet ten volle uitgeleef word. Maar dit is nie genoeg nie. Afrikaans, i.p.v. Nederlands, moet as landstaal erken word. Daarom verwelkom die tydskrif die wetsontwerp van 1918 waardeur „Afrikaans” voortaan onder „Hollands” in Art. 137 begryp sou word. Die gebruik van Nederlands en Afrikaans in die „blouboeke” van die Regering word noukeurig dopgehou. Die opstellers van sulke verslae word aangemoedig om Afrikaans te gebruik. In die geval van die Onderwysrapport waarvan ons reeds melding gemaak het, wil dit voorkom asof Die Huisgenoot op hierdie wyse invloed uitgeoefen het, want die Afrikaans word in die volgende rapport gebesig, soos die tydskrif voorgestel het. Die offisiële erkenning van Afrikaans as landstaal in 1925 val natuurlik buite die periode van Die Huisgenoot as maandblad. Maar reeds in Julie 1923 het dié tydskrif op 'n oortuigende wyse gepleit dat Afrikaans ook vir doeleindes binne die parlementshuis erken moes word. Ook in plaaslike besture, nl. Provinsiale Rade en Stadsrade moet Afrikaans volle erkenning geniet. Tweektaligheid moet bevorder word.

Die houding van Die Huisgenoot teenoor die taal self is van die grootste belang vir die Taalbeweging. Dit streef om 'n suiwer en idiomatiese taal te gebruik en te bevorder. Die Akademiëreëls t.o.v. taal en spelling word toegepas, maar as dit nodig geag word, versuim Die Huisgenoot nie om kritiek daarop te lewer en sy eie standpunt te verduidelik nie. Die

rubriek Taalvrae en Antwoorde het die belangstelling van die lesers geprikkel en hulle aangespoor om taalmoeilikhede te bespreek. Die Akademie-reëls word as norm voorgelê, maar die tydskrif is bereid om sekere taalvorms te erken as dit duidelik word dat die meerderheid van lesers dié vorms verkies. Die tydskrif doen groot moeite om aan te toon dat daar een erkende liggaam moet wees om finale besluite t.o.v. die vasstelling van taalvorms en spelling in Afrikaans te maak. Die S.A. Akademie doen baie belangrike werk in hierdie opsig. Dit blyk duidelik uit Die Huisgenoot dat daar gestreef word om 'n eenvormige spreek- en skryftaal te bevorder. Geen drastiese spellingveranderinge word voorgestaan nie. Afrikaans moet nie 'n onnatuurlike, „gemaakte” taal wees nie. As taalgeleerde en as lid van die Akademie kon prof. Smith waardevolle wenke aan die lesers gee. Die leserspubliek moes noodwendig daarby baat vind - dit kon nie anders nie. Moeilikhede en lesers se voorstelle word grondig bespreek, en daarna kon hierdie sake onder die aandag van die Akademie gebring word.

As die Afrikaners mettertyd tot die besef kom dat hul taal vooruitgang maak en werklik reeds op verskeie belangrike gebiede erken word, kon hulle hul blik verder rig op ander terreine waar Afrikaans nog nie tot sy reg gekom het nie. Die Huisgenoot doen in hierdie opsig waardevolle werk deur die aandag te vestig op moontlike Afrikaanse terminologie in die wetenskap en in die sportwêreld.

Daar kon toe ook meer aandag geskenk word aan styl, wyse van uitdrukking en beeldspraak. Die streef om 'n natuurlike, lewendige taal, ryk aan beeldspraak te skep, kan aan die hand van die artikels oor Afrikaanse spreekwoorde geïllustreer word.

Die Huisgenoot maak 'n pligsbesef by sy lesers wakker deur die verloop van die Afrikaanse Taalbeweging na te gaan. Die werk wat gedurende die Eerste Beweging gedoen is, is waardevol en van groot betekenis. Die pioniers van die taalstryd is helde, en hul name mag nie in die vergetelheid raak nie. Hulle het die baanbrekerswerk gedoen, sodat die nageslag daaruit voordeel kan trek. Deur artikels oor die ontstaan van die

Beweging te skryf, werp Die Huisgenoot die soeklig vol en direk op die taalstryd wat toe nog aan die gang was. Briewe wat die redakteur bereik, getuig van die belangstelling van die lesers in die strydvrae waartoe hierdie artikels aanleiding gee. Die lesers word verder aangespoor om self navorsingswerk te doen. Op hierdie wyse dra Die Huisgenoot by tot 'n beter begrip van die taalstryd in sy geheel.

Die Huisgenoot is opgerig met die doel om leesstof vir die huisgesin te verskaf. Daar word in die smaak van elke leser voorsien. Dit word gevolglik baie populêr, en langsaam word 'n groot leserskring opgebou wat bestaan uit Afrikaners uit alle dele van die samelewing, geleerd en ongeleerd. As „huisgenoot” kon dit derhalwe groot invloed uitoefen op die denkwyse van Afrikaners nie net in die suide nie, maar ook oor die lengte en breedte van die land. Die Brandwag, orgaan van die A.T.G. in die noorde, het as tydskrif vir die huisgesin vanaf 1910 tot 1922 'n belangrike aandeel aan die taalstryd gehad. Die Huisgenoot, orgaan van die A.T.V. in die suide, het van 1916 tot 1923 sekerlik nie 'n minder belangrike rol gespeel nie. In Februarie 1922 word Die Brandwag gestaak, terwyl Die Huisgenoot steeds van krag tot krag gaan en in November 1923, weens sy gewildheid 'n weekblad word. Dit verower 'n vaste plek in die gemiddelde Afrikaanse huisgesin dwarsdeur die land.

Soos ons in die eerste hoofstuk aangetoon het, was daar ander gebiede soos die letterkunde waarop Die Huisgenoot heel waarskynlik van betekenis vir die Beweging sou gewees het. Hierop het ons nie ingegaan nie. Maar aan die hand van die stof wat ons in hierdie skripsie behandel het, kan ons nou met sekerheid beweer dat Die Huisgenoot as maandblad van Mei 1916 tot en met Oktober 1923 'n belangrike rol in die Tweede Afrikaanse Taalbeweging gespeel het. Die volgende woorde wat in Oktober 1918 in Die Huisgenoot verskyn het, kan byna as die leuse van hierdie tydskrif beskou word : „Die gees van Jong Suidafrika.... sal nie rus voor en aleer Afrikaans op elke gebied van ons samelewing erken en gehandhaaf word”.

---

B R O N N E L Y S

(a) Tydskrifte :

(1) Die Huisgenoot (Kaapstad)

(i) Mei 1916 tot Oktober 1923.

(ii) 21 Mei 1948 : Prof. J.J. Smith.

22 Julie 1949 : N.van Blerk : Yweraar vir Afrikaans.

16 Junie 1950 : G. Tomlinson : Ongekunstelde, Melodieuse Afrikaans....

(2) Ons Moedertaal (Stellenbosch)

Julie en September 1914

(b) Boeke :

Dekker, G : Afrikaanse Literatuurgeskiedenis.

Die Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1947.

Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners.

Uitgee deur die A.S.B., Potchefstroom, 1926.

Kemp, J.C.G. : Die pad van die Veroweraar.

Die Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1942.

Leipoldt, C.L. : Oom Gert Vertel en Ander Gedigte (Inleiding).

J.H. de Bussy, Pretoria, 1926.

Nienaber, G.S. : Die Afrikaanse Beweging : Deel I.

J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1931.

Nienaber, G.S. en P.J. : Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging.

J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1941.

Pienaar, E.C. : Die Triomf van Afrikaans.

Die Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1946.

Taal en Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging.

J.H. de Bussy, Pretoria, 1919.

Schoonees, P.C. : Die Prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging.

J.H. de Bussy, Pretoria, 1927.

LYS VAN AFKORTINGS

- A.C.V.V. : Afrikaanse Christelike Vrouevereniging.
- Afr. Lit. Gesk. : Afrikaanse Literatuurgeskiedenis (Dekker).
- A.S.B. : Afrikaanse Studentebond.
- A.T.G. : Afrikaanse Taalgenootskap.
- A.T.V. : Afrikaanse Taalvereniging.
- D.H. : De / Die Huisgenoot.
- G.R.A. : Genootskap van Regte Afrikaners.
- O.M. : Ons Moedertaal.
- S.A. Akademie : Suid-Afrikaanse Akademie....
- S.A.O.U. : Suid-Afrikaanse Onderwysersunie.
- S.G.O. : Superintendent-Generaal van Onderwys.
- Tr. v. Afr. : Die Triomf van Afrikaans (Pienaar)
- T.U.K. : Transvaalse Universiteitskollege.
- U.K. : Universiteit van Kaapstad.
- U.S. : Universiteit van Stellenbosch.
- V.N.S. : Vereenvoudigde Nederlandse Spelling.